

# EK SAL LEEF SOOS EEN...

---

'n Journey van Genade...

Danie Lodder

2012

## INHOUDSOPGAWE:

### VOORWOORD

#### Week 1:

- Dag 1 Daar Is Krag In Die Bloed Van Jesus
- Dag 2 Geregtigheid Is 'n Geskenk Maar Dit Was Duur
- Dag 3 Jy Is Baie Vergewe
- Dag 4 Geen Aanklagtes Meer Nie
- Dag 5 Ervaar Die Liefde Wat Die Verlore Seun Beleef Het Wat Huis Toe Gekom Het
- Dag 6 Jy Was Deel Van God Se Plan Van Die Begin Af
- Dag 7 Leef Vanuit Hierdie Liefde Daaglik

#### Week 2:

- Dag 1 Gewen Deur God Se Genade
- Dag 2 Kom Soos Jy Is
- Dag 3 Genade Transformeer Ons
- Dag 4 Genade Is Die Vertrekpunt
- Dag 5 Jy Leef Nou In Die Verbond Van Genade
- Dag 6 Genade Die Groot Geskenk Van God
- Dag 7 Die Regte Definisie Van Geregtigheid Deur Genade

#### Week 3:

- Dag 1 Fokus Op Jesus En Ervaar Deurbarke
- Dag 2 Genade Ontvang Jy – Jy Moet Dit Begin Glo
- Dag 3 Geloof Is Vertroue Op Jesus
- Dag 4 Dit Is Die Krag Van God Aan Die Werk
- Dag 5 Hoekom Is Die Bewustheid Dat Jou Sonde Vergewe Is Belangrik?
- Dag 6 Ons Aandeel In Die Nuwe Verbond Van Genade
- Dag 7 Wat Glo Jy?

#### Week 4:

- Dag 1 Daar Is Vrede In Die Verhouding
- Dag 2 Raak Bewus Van Jou Stand – Geregverdig Deur God
- Dag 3 Soos Jesus Is Vandag, So Is Jy!
- Dag 4 Jesus Het Sonde Geword Sodat Ek Geregverdig Kan Wees
- Dag 5 Geen Veroordeling
- Dag 6 Behou Jou Fokus
- Dag 7 Geregtigheid Sê Dat God Altyd Met Jou Sal Wees

#### Week 5:

- Dag 1 God Is By Jou!
- Dag 2 Sonder Jesus Kan Ons Nie Vrug Dra Nie
- Dag 3 God Se Wonderlike Vrede
- Dag 4 Ek Leef Afhanklik Van Christus
- Dag 5 Die Geheim Is Geopenbaar
- Dag 6 Omdat Jesus In My Woon – Woon My Bron In My
- Dag 7 Met Jesus In My Is Kan Ek Wen

#### Week 6:

- Dag 1 God Se Liefde Vir Jou Is Persoonlik!
- Dag 2 Wysheid Om Die Pad Te Loop
- Dag 3 Jy Moet Reg Kies
- Dag 4 Dit Is Geskryf Op Jou Hart
- Dag 5 Oefen Om Vanuit Sy Teenwoordigheid Op Te Tree
- Dag 6 Beleef God Se Guns En Teenwoordigheid Ongeag Van Jou Omstandighede
- Dag 7 Jy Kan Net Aanhou En Aanhou Loop

## VOORWOORD

Om in die "regte" verhouding met God te staan is beslis die grootste begeerte in my lewe. Dis iets waarvoor ek soms gewonder, en selfs getwyfel het. Uit my ervaring van "kerk" was daar teenstrydighede oor die "hoe" en "wat" van 'n "regte" verhouding met God. Een oomblik hoor jy genade, dan hoor jy wet, dan hoor jy hoe verlore jy eintlik is en dat jy steeds 'n helverdiende sondaar is.

Dit het my 'n student van God se genade en Sy geregtigheid en liefde gemaak. Ek het ervaar dat die kerk 'n ongemaklike verhouding met genade het en dat geregtigheid op God se manier mis verstaan word. Hulle is bang vir God se radikale genade, omdat daar gevrees word dat mense ongehoorsaam sal wees, wangedrag sal herhaal en slegte gewoontes sal regverdig. Ek het ontdek dat as jy die Woord reg verstaan sal dit tot 'n vry lewe van toewyding lei en jou nader aan God bring eerder as van Hom af wegdryf.

In hierdie reeks gaan ons poog om iets van die "regte" verhouding aan u te openbaar. Mag jy die vreugde van 'n "VRYHEID" wat deur God se genade en Sy geregtigheid bewerk word beleef en mag jy altyd weet dat dit alles onverdiend is!

My gebed is dat Jy Genade, Geregtigheid en die feit dat Christus in jou woon sal snap en dat jy dan op hierdie journey van genade sal begin stap en leef soos een wat dit beleef het en vir wie dit 'n werklikheid is.

WEEK 1

**DAG 1 - DAAR IS KRAG IN DIE BLOED VAN JESUS**

*Efes 1:7 [NLV] Deur sy geliefde Seun is ons verlos deurdat Hy sy bloed vir ons gestort het. Ons oortredings is vergewe omdat God die rykdom van sy genade in oorvloed aan ons gegee het.*

Die liefde van God vir ons het Jesus in ons plek laat sterf! Hy het die prys van sonde, die dood in ons plek gedra. Jesus het die totale prys van sonde aan die kruis gedra weens Sy buitensporige liefde vir ons. Dit was Sy liefde wat Hom vir ons laat ly het.

God sê in Sy Woord dat Hy nooit weer aan ons sonde sal dink nie. Die rede hiervoor is dat daar met ons sonde gedeel is aan die kruis. Die prys wat moes betaal moes wees, is betaal. Ons moet begin glo dat God se liefde ons kwytsteld van enige vorm van skuld en dat Hy ons nooit weer daaraan sal herinner omdat Hy nooit weer daaraan dink nie.

Daar is krag in die bloed van Jesus om jou van alle sonde te reinig. Die vyand haat hierdie werklikheid en sal jou aan God se liefde en genade wil laat twyfel. As die vyand jou kan laat twyfel aan God se liefde en jou van sonde bewus kan hou sal jy nooit geestelike oorwinnings kan behaal en geestelik bereik wat jy moet nie. Ons oortredinge is vergewe omdat God die rykdom van sy genade in oorvloed aan ons gegee het.

Die vyand sal jou ook aan die leuen laat probeer glo dat jy nie ten volle verlos kan wees nie. Ons is verlos! Ons is verlos deurdat Hy sy bloed vir ons gestort het. Die prys is betaal, dit is 'n afgehandelde werk van buitensporige liefde. Die bloed bedek nie ons sonde nie, dit was dit weg. Hy neem ons sonde van ons af weg en ons hoef nie langer daarin te lewe en daaraan herinner te word nie.

Die wonder van God se liefde word ons deel as ons glo! Glo dat Jesus in my plek die prys van sonde betaal het deur Sy bloed en my kind van God gemaak het.

**Gebed:**

Vader, dankie vir U buitensporige liefde vir my. Dankie dat daar nie soos in die bloed van bokke en stiere herinnering van sonde is nie, maar dat die bloed van Jesus vandag alles van my verlede weg was en dat ek skoon en geregverdig voor U staan. Dat al my sonde van die verlede, die hede en die toekoms mee gedeel is! Vandag staan ek voor U as vergewe, geliefde kind van God en ek is dankbaar.

**Oordink:**

Omdat die bloed van Jesus my gereinig het van alle sonde verwag ek die onverdiende genade van God daaglik in my lewe.

*It is not enough to be delivered from sin; it is enough to be delivered to righteousness.*

*Edwin Louis Cole*

## DAG 2 - GERECHTIGHEID IS 'n GESKENK MAAR DIT WAS DUUR

**Jes 53:5 [NLV]** *Hy is geslaan en gepynig ter wille van ons sondes. Hy is gestraf sodat ons in vrede kan leef. Hy is geslaan sodat ons gesond kan word.*

Mense het al in rolprente probeer voorstel wat Jesus moes deurgaan tydens Sy lyding voor en op die kruis. Toe Jesus in Getsemane gaan bid het, het Hy reeds die benoudheid van die verskrikking van wat Hy moes deurgaan, beleef. Dink aan die Romeinse soldate wat Hom gevange geneem het en Hom geslaan het en 'n doringkroon op Sy kop ingeslaan het. Sien die sweep met glasstukke en hale wat Sy liggaam verbrysel het. Jesus het dit deurstaan omdat Hy geweet het dat deur Sy wonde is ons genees.

Sy foltering het voortgeduur toe Hy die balk van 'n kruis moes dra en die lang spykers deur Sy gewigte en voete geslaan was sodat Hy aan die kruis kon sterf. Kyk hoe beskryf die Amplified Bybel ons reaksie op geregtigheid as ons dit deur werke wil bekom. **Gal 2:21 [AMP] 21** *[Therefore, I do not treat God's gracious gift as something of minor importance and defeat its very purpose]; I do not set aside and invalidate and frustrate and nullify the grace (unmerited favor) of God. For if justification (righteousness, acquittal from guilt) comes through [observing the ritual of] the Law, then Christ (the Messiah) died groundlessly and to no purpose and in vain. [His death was then wholly superfluous.]*

Jesus het ons sonde en gebrokenheid op Hom geneem en in ons plek aan die kruis gesterf sodat ons kan word die geregtigheid van God. Sodat ons kan wees asof ons nooit sonde gedoen het nie. Hierdie geskenk ontvang ons slegs deur te glo in die genadedaad van God in Jesus se kruisdood, dis verniet! Ons kan niks doen om dit te verdien nie. Dit is God se liefde vir ons en Sy genade geopenbaar aan ons. Dit was beslis nie goedkoop nie. Dit was die dood van die Een sonder sonde.

**Rom 11:6 [NLV]** *En as dit uit genade is, dan was dit sekerlik nie op grond van hulle goeie dade nie - anders sou die genade nie meer werklik genade wees, dit wil sê dit wat ons teen alle verdienste in van God ontvang nie.*

Verstaan jy? Dit is of geregtigheid deur die bloed van Jesus of deur jou werke(wat jy nie kan doen nie) wat Sy dood dan verniet sou laat plaasvind. Sien jouself geregverdig deur God (die geregtigheid van God).

### Gebed:

Vader, dankie dat Jesus hierdie enorme prys vir my betaal het deur U groot genade! Dankie dat geregtigheid 'n gratis geskenk is. Dankie dat ek in hierdie nuwe verhouding kan leef en U guns en seën in my lewe kan beleef.

### Oordink:

Vertrou ek op Jesus vir my geregtigheid voor God of op my werke?

***The righteousness of Jesus Christ is one of those great mysteries, which the angels desire to look into, and seems to be one of the first lessons that God taught men after the fall.***

***George Whitefield***

## DAG 3 - JY IS BAIE VERGEWE

**Luk 7:47 [NLV]** *Ek sê vir jou, haar sondes - en dit is baie - is vergewe, omdat sy baie liefde aan My bewys het. Maar iemand vir wie min sondes vergewe is, betoon maar min liefde!"*

In die gedeelte in Lukas 7 nooi Simon, 'n Fariseër, Jesus na sy huis. 'n Vrou kom na Jesus en ween en was Sy voete met haar trane en droog dit af met haar hare en salf Sy voete met olie. Toe Simon dit sien sê Simon vir homself: "Dit bewys dat Jesus geen profeet is nie. As God hom werklik gestuur het, sou hy geweet het watter soort vrou hom aanraak. Sy is 'n sondaar!" Jesus antwoord hom: "Simon, Ek het iets om vir jou te sê." "Reg, Meneer," het Simon geantwoord, "sê maar." Jesus vertel hom toe die volgende verhaal: "'n Man het vir twee mense geld geleen - 500 rand vir die een, en 50 vir die ander. Maar nie een van die twee kon hom terugbetaal nie; hy het dus maar al twee oorgesien en hulle skuld afgeskryf. Wie dink jy het hom daarna die meeste liefde bewys?" Simon het geantwoord: "Ek veronderstel die een vir wie hy die meeste skuld afgeskryf het." "Dis reg," het Jesus gesê. Hy het toe na die vrou gedraai en vir Simon gesê: "Kyk na hierdie vrou. Toe Ek jou huis ingekom het, het jy My nie water aangebied om die stof van my voete af te was nie, maar sy het hulle met haar trane gewas en met haar hare afgedroog. Jy het My nie met 'n soen verwelkom nie, maar sy het My voete weer en weer gesoen vandat Ek hier ingekom het. Jy het nie My kop met gewone olyfolie gesalf nie, maar sy het my voete met kosbare olie gesalf. Ek sê vir jou, haar sondes - en dit is baie - is vergewe, omdat sy baie liefde aan My bewys het. Maar iemand vir wie min sondes vergewe is, betoon maar min liefde!"

'n Besef dat jy baie vergewe is plaas jou in 'n liefdesverhouding wat jou dryfveer sal wees om aan die Here jou beste te gee. Die grootste "gevaar" van die radikale liefde en genade van God en die feit dat Hy jou verlos en regverdig verklaar is daarin geleë dat jy hals oor kop op Hom sal verlief raak en Hom sal dien met jou hele hart. As jy jouself as regverdig ag en dink dat jy min vergeef is, sal jy min liefhê. Onthou al jou sonde van die verlede, jou foute van die hede en alles van die toekoms is 2000 jaar gelede reeds gehanteer. Die vergifnis word nou ons s'n deur dit te glo.

### **Gebed:**

Vader, dankie dat ek vandag opnuut kan besef dat ek baie vergewe is. Dankie dat U vergifnis nie in paaiemente is nie maar dat my totale verhouding met U herstel is en dat ek U kind is! Ek wil 'n oomblik stilstaan en U aanbid met alles wat in my is!

### **Oordink:**

Jy is volkome gered deur radikale liefde! Die wete dat ek vir baie vergewe is maak opnuut liefde vir God in my hart wakker.

*He hideth our unrighteousness with His righteousness, He covereth our disobedience with his obedience, He shadoweth our death with His death, that the wrath of God cannot find us.*

*Henry Smith*

## DAG 4 - GEEN AANKLAGTES MEER NIE

**Rom 8:33 [NLV]** *Wie sal dit waag om ons aan te kla as God ons spesiaal uitgekies het? God is immers die een wat ons vryspreek.*

Te veel van ons lewe 'n substandaard lewe oor ons nie verstaan dat ons in 'n Nuwe Verbond lewe nie. Ons verstaan nie dat ons verlede total mee gedeel is nie, dat ons vrygespreek en die geregtigheid van God ons deel is nie. Ons lewe soos 'n motoris wat die heel tyd in sy tru-spieëltjie kyk. Dis gevaarlik, sy vooruitgang word belemmer en hy mis die plesier van die roete.

Daar is drie wat aankla. Satan sal gedurig aankla, hy sal verwys na die verlede en skuld voor jou deur en teleurstelling kom lê en as jy daarvoor val sal jy nie geestelik groei nie, want jy sal onder die las van sonde bly en die veroordeling wat daarmee saamgaan sal jou deel wees in jou gedagtes terwyl God jou vrygespreek het.

Tweedens kla jy jousef soms aan. Jy martel jousef geestelik en emosioneel vir foute wat jy begaan het. Jy kan nie die uitkoms verander deur jousef te martel nie. Jy kan slegs die uitkoms sien verander as jy op God staatmaak vir wysheid en krag om die dinge te hanteer en onder Sy genadige hand in te bring.

Derdens kla mense jou aan. Mense is lief om ander te veroordeel wat foute op ander terreine as hulle begaan. Jesus het ons uitdruklik geleer om nie ander te oordeel nie. Hy het geleer dat slegs die wat sonder sonde is ander mag oordeel. Daar mag niemand dit waag om jou aan te kla binne jou verhouding met God oor jou verlede as jy Jesus as jou Verlosser aangeneem het nie. God het jou vrygespreek en jy moet binne hierdie vryheid begin leef.

Onthou God gaan net die goddelose oordeel, want vir ons is daar geen veroordeling op grond van die vryspraak wat Christus vir ons bewerk het aan die kruis.

Jy kan nie geestelike vryheid beleef as jy op elke aanklag reageer en stagneer nie. Ons is vrygespreek, leef as vrygespreekte sonder enige etiket van die verlede wat satan, jy self of ander op jou wil plaas. God het ons vrygespreek.

### **Gebed:**

Vader dankie dat U my nie oordeel nie omdat U na Jesus se werk in my lewe kyk. Help my om nie toe te laat dat ek reageer op Satan, my eie en ander se aanklagte nie. Dankie dat U my vrygespreek het!

### **Oordink:**

Ek is vrygespreek!

*I preached on the righteousness of the law and the righteousness of faith. While I was speaking, several dropped down as dead and among the rest such a cry was heard of sinners groaning for the righteousness of faith that it almost drowned my voice. But many of these soon lifted up their heads with joy and broke out into thanksgiving, being assured they now had the desire of their soul - the forgiveness of their sins.*  
*John Wesley*

## DAG 5 - ERVAAR DIE LIEFDE WAT DIE VERLORE SEUN BELEEF HET WAT HUIS TOE GEKOM HET

**Luk 15:20[NLV]** *Hy het dus teruggekeer huis toe na sy pa toe. En toe hy nog ver weg was, het sy pa hom gesien aankom. Oorweldig met liefde en deernis het hy na sy seun toe gehardloop, hom omhels en gesoen.*

Ons kan nie God se liefde indink. Die verhaal van die “verlore seun” beeld dit uit. Die seun het sy pa dood verklaar en sy erfposisie aangevra. Hy het dit gaan deurbring in ‘n vêr land met hoere en in losbandigheid. Hy het alles verloor en besluit om huis toe te gaan en ‘n dienskneg vir sy pa te wees. Dan sien ons wanneer hy terugkeer, het sy pa hom sien aankom en oorweldig met liefde en deernis het hy na sy seun toe gehardloop, hom omhels en gesoen. Dit is God se hart!

**Rom 5:8-9 [NLV]** *God laat blyk sý liefde vir ons egter daarin dat Christus vir ons kom sterf het ten spyte daarvan dat ons nog sondaars was. Ons is nou vrygespreek deur Jesus se dood. Hoeveel te meer sal Hy ons nie, deur Jesus, verlos van die toekomstige oordeel nie!*

Jy is nie ‘n minderwaardige kind oor jy foute begaan het en verkeerde keuses gemaak het nie. Hy veroordeel ons nie en laat ons ook nie in die toekomstige oordeel val nie. Hy herstel ons ten volle! Daar is nie sekere stappe waardeur jy moet gaan om weer ‘n erkende kind van God te wees nie. Hy plaas jou nie onder tug en sensuur vir jou foute as jy met berou na Hom terugkeer nie.

Die seun het in varkhokke gewerk, ‘n lang pad geloop en moes sekerlik nie skoon gewees het nie. Sy pa het nie die voorwaarde geplaas dat hulle eers sy vuil moes hanteer nie. Dat hy eers deur ‘n proses van herstel moes gaan, homself eers moes bewys of sekere belydenisse publiek aflê of homself eers moes bewys nie.

**Luk [NLV] 15:22-23** “Maar sy pa sê vir die bediendes: ‘Gou, bring die mooiste mantel in die huis, en trek dit vir hom aan. Kry ‘n ring vir sy vinger, en sandale vir sy voete.’<sup>23</sup>En slag die kalf wat ons in die kraal vet maak. Ons moet feesvier.

Dis tyd om fees te vier! Die lewe as verlose te geniet. Die nuwe klere van geregtigheid aan te trek sodat dit jou ongeregtheid kan bedek en weg neem. Om op te staan en as geregverdigte te lewe!

### **Gebed:**

Vader, dankie dat U liefde my verstand te bowe gaan. Dankie dat U anders werk as mense. Dankie dat U vir my lief was toe ek nie waardig was en nou dat ek U kind is vir my lief bly en U my beklee met geregtigheid. Iets wat groter en wonderliker is as wat ek ooit kon droom.

### **Oordink:**

Jy het nuwe klere, klere van geregtigheid, jou Vader het dit vir jou aangetrek.

***For God does not want to save us by our own but by an extraneous righteousness, one that does not originate in ourselves but comes to us from beyond ourselves, which does not arise on earth but comes from heaven.***

**Martin Luther**



## DAG 6 - JY WAS DEEL VAN GOD SE PLAN VAN DIE BEGIN AF

**Efes 1:5-6 [NLV]** *Deur wat Christus gedoen het, het God vooraf besluit om ons as sy kinders aan te neem. Hy het dit gedoen omdat dit is hoe Hy dit wou hê. Daarom prys ons God se grootheid. Deur sy Seun wat Hy liefhet, het Hy genade aan ons gegee.*

Die hele saak rondom God se genade, geregtigheid wat vryspraak behels en die feit dat ons nou God se kinders kan wees, was nie 'n noodplan van God. God het vooraf besluit om ons as Sy kinders aan te neem. Hy het geweet dat dit die prys van Sy Seun Jesus gaan kos. God se standaard was volmaaktheid. Totale geregtigheid om voor Hom te kan staan. Die wet kon dit nie doen nie, maar was bloot die rigtingwyser na die volmaakte en die verhouding wat sou volg.

**Gal 3:24-25 [NLV]** *Voordat die geloof gekom het, is ons deur die wet bewaak. Ons was gevange gehou totdat God se plan van geloof geopenbaar sou word. 24 Die wet het ons soos 'n kinderopvoeder opgepas totdat Christus gekom het. Ons is opgepas sodat ons deur te glo God se vryspraak kon ontvang. Die Afrikaanse Ou Vertaling sê dat die wet ons tugmeester na Christus was. Die wet het gesê dat ons vryspraak nodig het want ons is nie op God se standaard nie en dat ons dit nie self kan bereik nie.*

Christus as Verlosser was God se plan om die mens van sy rebellie en sonde te verlos en ons uit te bring by die punt waar ons terugkeer na ons oorspronklike skeppingsdoel naamlik om totaal van God as Hemelse Vader afhanklik te leef. Dit is hoekom mense stry teen geregtigheid deur die geloof en die feit dat jy niks kan doen om jouself te red nie, want die mens wil steeds onafhanklik van God funksioneer.

God wou dit van die begin af so gehad het. Ons as Sy kinders, gehoorsaam en afhanklik van Hom. Nou deur die dood van Jesus is dit weer moontlik. Die prys van God se genade was duur, dit was Jesus se lewe en roep ons nou om in totale afhanklikheid op geloof staat te maak, op Sy regverdigmaking en Sy krag om daarin te leef en te wandel.

### **Gebed:**

Vader, dankie dat ek deel van U plan was vanaf die begin. Dat kinskap en regverdigmaking deur die geloof die pad daarheen is. Ek verklaar vandag, dat ek glo dat Jesus die verhouding herstel het en my onskuld verklaar het deur vir my sonde te sterf. Ek dank U dat U my aangeneem het as U kind en leer my deur U genade om afhanklik van U te lewe.

### **Oordink:**

Ek was deel van God se plan van die begin af.

***The Apostle is hence telling us that inasmuch as sinners cannot be saved through their efforts, so we who have been regenerated likewise cannot be perfected through any righteous acts of our flesh. How vain do such righteous deeds continue to be!***

***Watchman Nee***

## DAG 7 - LEEF VANUIT HIERDIE LIEFDE DAAGLIKS

**Joh 3:16 [NLV]** *God het die mensdom só liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.*

God wil hê dat jy altyd moet leef met die wete dat Hy jou buitensporig lief het. Jy moet daaruit leef en toelaat dat dit jou lewe voed. Bely dit daaglik: "God het my buitensporig lief". Leef vanuit die wete dat God se liefde, genade en volmaakte aanvaarding van jou deur Sy onverdiende Genade 'n groot werklikheid is en dat jy daaruit kan leef.

Deur dit te doen voed jy jou geloof dat die verhouding tussen jou en God onafskeidbaar is. As jy van Sy liefde bewus bly sal jy minder foute en minder verkeerde keuse begaan. Jy gaan die krag besit om deur moeilike tye te gaan sonder om te wonder waar die Here is want jy weet dat Sy troue liefde met jou is en dat dit genoeg is om jou deur te dra deur die grootste krisis en elke storm wat ook al jou pad langs mag kom.

As jy van God se liefde bewus is, verwag jy die goeie. Jy moet dit vasmaak in jou hart. **1 Joh 3:17 [NLV]** *Dan sal Christus deur die geloof in julle harte woon, en sal julle in God se liefde gewortel en gegrondwes wees.*

Dit veroorsaak dat jy standvastig loop. Dan sal jy 'n invloed op die mense om jou sal kan hê en hulle bewus maak van God se liefde. Jy fokus nie op jou uitdagings maar op jou liefdevolle Vader wat omgee en jou met genade liefhet en sal deurdra. Dit maak jou ook sterk in tye van versoekings. Jy loop sterker met die wete ook dat jy van God as jou Hemelse Vader, wat vir jou lief is, mag vra.

Ja, God se liefde skyn oor almal. Maar as daar verhouding van Liefde is, is dit anders. Sterk jou geloof met die wete dat God is lief vir jou en dat Hy jou nooit alleen sal los nie en die werk wat Hy in jou begin het sal klaarmaak.

### **Gebed:**

Vader, dankie dat ek U geliefde kind is, kosbaar in U oë. Omdat U God is kan U die wêreld liefhê, maar vir my persoonlik. U liefde vir my maak my sterk en gee aan my die innerlike krag om gegrond te wees sodat ek nie deur die lewe rondgeslinger word nie. Dankie dat as U kind word ek 'n erfgenaam van U wonderlike seëninge en gaan my lewe dit aan die mense om my begin toon

### **Oordink:**

Ek kan God vir groot en klein dinge vertrou. As dit vir my saak maak, maak dit vir God saak omdat ek Sy geliefde is.

***The One who calls you to a life of righteousness is the One who by our consent lives that life of righteousness through you!***

***Major Ian Thomas***

## DAG 8 - GEWEN DEUR GOD SE GENADE

**Rom 6:14 [NLV]** *Die sonde mag hoegenaamd nie oor julle heerskappy voer nie. Julle leef immers nie meer onder die verslawende mag van die wet nie, maar onder die bevrydende mag van die GENADE.*

Omdat ons nou weet dat God se GENADE glad nie veroordeel nie, baan dit nie die weg dat ons die pad van sonde loop nie. Sonde se mag wat die wet was is verbreek! Die wet wat maak dat ons doen wat ons amper nie wil nie. Dit was nie die wet wat jou na Christus en Sy verlossende krag toe geroep het nie maar GENADE! Al jou ou natuur dinge was nie oornag weg nie, maar die LIEFDE en GENADE van God is besig om jou te transformeer. Jou gedagtegang verander van SONDAAR na die van KIND VAN GOD. So word jy deur GENADE van binne af verander en oorgewen en vernuwe! Nou volg die vrug wat by bekering pas in jou lewe. Jy het God se GENADE gesmaak en begin anders dink en doen! Want soos jy dink so doen jy!

Dit is Jesus wat ons deur Sy onbeskryflike GENADE die krag gee om nie meer te sondig nie. Om nie meer onder die verslawende mag van die wet te wees nie. Om onder die bevrydende mag van GENADE te begin lewe. Die fout wat die kerk vir jare gedoen het was om mense na die Here te lei, hulle te vertel van GENADE en dan weer onder die verslawende mag van die wet te plaas deur 'n stel reëls neer te lê. Dit is Jesus wat jou sal help om die pad van GENADE met waardigheid te loop. Hy sal deur Sy GEES jou oortuig van SONDE en jy sal weet om weg te draai en die krag beleef om dit te kan doen. Toe die vrou wat op owerspel betrap was voor Jesus gestaan het, het Hy haar nie veroordeel nie.

**Joh 8:10-11[NLV]** *Toe Jesus weer orent kom, het Hy vir haar gesê: "Vrou, waar is hulle heen? Het niemand jou veroordeel nie?" Sy het geantwoord: "Niemand nie, Meneer." Jesus sê toe vir haar: "Ook Ek veroordeel jou nie. Gaan maar, en moet van nou af nie meer sonde doen nie."*

Die wet kan jou nie heilig maak en jou verlos van SONDE nie. Die krag om nie verder met SONDE in jou lewe te leef kom deur bewus te wees van God se onbeskryflike GENADE. Ons gelese vers sê: "Julle leef immers nie meer onder die verslawende mag van die wet nie, maar onder die bevrydende mag van die GENADE." GENADE bevry!!

### **Gebed:**

Vader, ek dank U dat ek bevry kan wees van elke verslawende mag van sonde, versoeking en slegte gewoonte vanweë U oorvloedige GENADE in my lewe. Dankie dat ek kan begin leef vanuit hierdie GENADE en dat GEEN wet my meer kan vashou in die mag van sonde nie. Dit is U onbeskryflike GENADE wat my bevry van binne na buite. Van sukkel na wen! Wat my verander van heerlijkheid tot heerlijkheid. U GENADE bevry my vandag om nooit weer 'n slaaf van enige iets te wees nie.

### **Oordink:**

Om Christus te ken maak my regverdig los van my werke en gee my die vermoë om sonde te wen.

*The law detects, grace alone conquers sin.  
Saint Augustine of Hippo*

## DAG 9 - KOM SOOS JY IS

**Psalm 30:12 [NLV]** *U het my droefheid verander in 'n dans van vreugde. U het my rouklere weggeneem en my met vreugde geklee.*

Onthou vandag dat jy 'n gunsgenoot van God is vanweë Sy groot GENADE. Al is jou lewe tans deurmekaar en dalk 'n gemors. Hy kan jou gemors vat en dit omswaai in iets pragtig en wonderlik. Kom soos jy is.

Ons wil elke keer terugkeer na werke en dan verloor ons tyd saam met God. Jy kan nie dit self doen nie, jy het die GENADE van God in jou lewe nodig! Dis net Hy wat van 'n gemors 'n getuienis kan maak. Baie mense sê te gereeld: laat ek net eers my lewe weer agtermekaar kry dan sal ek die Here dien, of vir die Here werk, of toelaat dat Hy my gebruik.

Jy is heilig, regverdig en skoon vanweë die feit dat jy gewas is deur die bloed van Jesus en nie vanweë jou goeie pogings nie. Niks meer en niks minder. Kom soos jy is na die Here. Hy is die bad. Hy sal jou skoon en heel maak. Hy sal rigting aan jou lewe gee. Hy sal jou losmaak van elke slegte gewoonte. Kom klim in die bad van Sy GENADE!

Onthou jy kan jouself nie heilig en aanvaarbaar maak vir God nie, dit is net die bloed van Jesus. Ek beleef die seën van die Here om een rede: die GENADE van God is oor my! Ek staan geregverdig voor God omdat ek GENADE gesmaak het toe ek my hart vir die Here oopgemaak het. Onthou die Here is te lief vir jou om jou te los soos jy is. Jy kan dus die verwagting hê dat jou lewe gaan verander en dinge gaan aangeraak word wat tans 'n gemors is. Jy word deur Jesus geregverdig voor God geplaas en God seën jou vir wie jy in Christus is.

**Gebed:**

Here Jesus, U GENADE red die slegste van alle sondaars! Dankie dat U my ook red! Dankie dat ek kan kom soos ek is en weet U kan my lewe heeltemal verander. Ek weet dat U my lewe gaan raak op selfs die terreine waar ek tans dink dat dit 'n gemors is. U bloed maak my regverdig en maak my heel en skoon. U onbeskryflike GENADE maak my vry van elke saak wat steeds in my lewe herhaal. U maak my gesond van elke siekte! U vul my hart met U vrede!

**Oordink:**

Niemand maak homself eers skoon voordat hy bad nie. Kom dus soos jy is na Jesus – die bad wat skoonmaak – net soos jy is!

***Grace isn't a little prayer you chant before receiving a meal. It's a way to live.***

## DAG 10 - GENADE TRANSFORMEER ONS

*Jes 43:4 [NLV] Omdat jy vir My kosbaar en belangrik is, omdat Ek jou liefhet, gee Ek mense in jou plek, in ruil vir jou lewe.*

Sal u met my saamstem dat die gemiddelde Christen van vandag meer weet van die 10 gebooië (die wet) as van die nuwe verbond van onverdiende GENADE en 'n staat van om geregverdig te wees voor God? Ek dink intendeel, as ons iewers in die stad gaan staan en onderhoude voer met mense sal die meeste al gehoor het van die 10 gebooië (die wet), maar niks sal weet van die verbond van GENADE en die nuwe verhouding wat hierdie GENADE bewerkstellig het nie. Is dit nie tragies dat Christenskap uitgeken word aan die wet wat sy doel gedien het en nie deur onverdiende GENADE wat die kern is van die nuwe verbond?

Dit is geen wonder dat ons 'n hele geslag jongmense verloor aan die wereld nie! Die wet het geen aantrekkingskrag vir enige mens wat na God soek nie. **Heb 8:13 [NLV] Deur van 'n nuwe verbond te praat het God die vorige een as uitgedien verklaar. En wat uitgedien is en steeds nog verder verouder, staan gereed om heeltemal afgeskaf te word.** Die wet het geen krag om sonde stop te sit nie. Die wet kan nie die identiteit van Christus in jou lewe vestig nie. Die wet kan jou nie help om sonde te wen, versoekings te weerstaan en 'n nuwe lewe te lei nie. Net God se offer aan die kruis kan hierdie transformasie in jou lewe bewerkstellig.

Snap vandag dat jy kosbaar is in God se oë, dat Hy jou liefhet, dat jy vir Hom belangrik is en word verander van binne na buite deur Sy onverdiende GENADE! As jy jou waarde kan snap in die lig van God se GENADE, wat Jesus in jou plek laat sterf het, sal jy nooit weer dieselfde kan wees nie. As hierdie begrip van God se GENADE van jou kop na jou hart beweeg word jou wese daardeur aangeraak! Bonatuurlik word jou begeertes anders, jou waardes verander, en jou wil om anders te lewe word in jou lewe gebore. Dit is die transformerende krag van God se GENADE wat dit in ons lewens bewerk.

### **Gebed:**

Vader, ek dank U dat ek 'n nuwe skepping is in Christus Jesus. Al my sonde is deur U GENADE uitgewas en ek is U kind. Dankie dat ek vir U kosbaar is en dat U my met onverdiende GENADE lief het en Jesus in my plek laat sterf het sodat ek getransformeer kan word om anders te begin lewe! Dankie dat U my intens liefhet en die werk in my sal klaarmaak! Ek het U lief.

### **Oordink:**

Ek word deur God bemin, ek is kosbaar in Sy oë en Hy het 'n wonderlik plan vir my lewe.

**Grace is what God gives us when we don't deserve and mercy is when God doesn't give us what we do deserve.**

## DAG 11 - GENADE IS DIE VERTREK PUNT

**Rom 2:4 [NAV] Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?**

Die feit dat ons by God se familie kon aansluit en kan deel in sy goedheid is alles net GENADE. God werk met ons deur Sy GENADE en gebruik dit wat in ons lewens aangaan om met ons te praat en Sy liefdevolle Vaderhart aan ons te openbaar self al is ons besig met ons eie paaie. Dit is nie God wat slegte goed op ons paaie bring nie, maar selfs in dit kom Hy en praat in liefde met ons en wil ons lewens raak deur Sy GENADE sodat ons kan omdraai en Hom kan dien.

God is lief vir jou ongeag van wie jy is en wat jy doen of gedoen het. Daarom is die vertrekpunt van 'n verhouding met God nie waar jy tans is nie, ook nie waarvandaan jy kom nie maar dit is GENADE en GENADE alleen. Jy kan intimiteit met God beleef waar jy nou in jou journey met God is. Christenskap is 'n intieme verhouding met 'n liefdevolle GENADIGE God wat met jou 'n pad wil loop.

Die verandering in jou lewe begin as jy van Sy genade bewus word. Jou lewe begin van binne na buite verander en dinge wat pla val af. Dinge wat jou weerhou het om in vryheid te leef se mag word deur GENADE verbreek en jy kom agter dat dit net nie meer 'n houvas op jou het nie. Onthou dit is nie Jesus plus nog bevryding en nog bande nie! Sy genade plaas jou op 'n journey waar jy wen vanuit Sy liefde en krag wat in jou lewe werk. Jy het net nodig om daagliks bewus te begin lewe van Sy krag, genade en liefde wat in jou aan die werk is.

Saligheid is nie 'n stel reëls en 'n leer van werke wat jou nader aan God bring en jou heilig maak nie. God het Christus deur Sy GENADE in ons plek laat sterf sodat ons nou vry kan leef, verander kan word, oor ons gebrokenheid kan kom en vry kan lewe.

**Gebed:**

Vader, dankie dat U ons nie 'n stel reëls gegee het om na te kom nie, maar dat U ons geroep het tot 'n liefdevolle verhouding met U. Ek wil U net beter leer ken elke dag en meer en meer bewus van U genade leer leef en daardeur verander word. Openbaar asseblief U hart en liefde aan my vandag, sodat ek elke uitdaging en versoeking in die krag van U genade met vertroue en boldness kan wen!

**Oordink:**

Dit is God se GENADE wat my lewe verander.

***As gevolg van genade het God gekies om dit waarvan ons 'n gemors gemaak het op te ruim.***

## DAG 12 - JY LEEF NOU IN DIE VERBOND VAN GENADE

**Heb 8:13 [NLV]** *Deur van 'n nuwe verbond te praat het God die vorige een as uitgedien verklaar. En wat uitgedien is en steeds nog verder verouder, staan gereed om heeltemal afgeskaf te word.*

Jy leef nou onder 'n nuwe verbond van God se GENADE in Jesus Christus se afgehandelde werk aan die kruis. Die ou verbond was gebasseer op werke en is nou uitgedien verklaar. Lees hierdie teks weer, dit is nie 'n vreemde leer van Danie wat hier ter sprake is nie. Dit is God se Woord wat so sê. Die wet is nie meer relevant in die Nuwe Testamentiese gelowige se lewe nie. Kyk wat sê vers 7 van Heb 8. "As die eerste verbond perfek gewerk het, sou daar geen behoefte aan 'n tweede een gewees het nie."

Ons moet rondom die onderwerp ophou na die dinge kyk deur ons kerklike bril of deur ons tradisie. Solank ons dit ons teologie laat bepaal bly ons in gebondenheid van die Wet met sy voorskrifte. Jesus het ons deur Sy GENADE vrygekoop van die voorskrifte en die vloek wat op die gerus het wat dit nie nagekom het nie. As die wet gewerk het sou Jesus nie so brutaal moes sterf aan 'n hout kruis nie. Hoekom sou Jesus bereid wees om so 'n duur prys te betaal?

God het geweet dat geen mens deur die onderhouding van die wet geregverdig kon word nie. Al wat die wet vir ons kan sê is dat ons Jesus se verlossende genade in ons lewens nodig het. **Gal 3:24-25 [AOV]** <sup>24</sup>*Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.* <sup>25</sup>*Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie.*

Dit is hier waar jy waarlik vry word. Ons weet nou dat ons verlos is deur die GENADE van God en nie deur ons werk nie en daar is nie meer die stel reëls wat ons veroordeel nie. Nou word ek van binne na buite verander omdat ek leef vanuit die verbond van genade. Nou kan die slegste van alle sondaars na God kom en verander word. As ons Jesus aanroep as ons verlosser word ons nuut en skoon gemaak deur die GENADE van God en word ons regverdig verklaar deur geloof te hê in Jesus as ons Verlosser! Onder die wet het die beste gefaal (dink aan Dawid), maar onder genade kan die slegste gered word!

### **Gebed:**

Vader, dankie dat ek in 'n nuwe verhouding staan. Nie onder die wet nie maar onder genade! Dankie dat dit my lewe verander en dat ek U seën nou kan ervaar en daaruit begin leef en verander word. Dankie dat ek ook U guns kan beleef, nie omdat ek 'n stel reëls nakom nie, maar omdat ek U genade beleef en daaruit begin leef! Dankie dat Jesus hierdie nuwe verhouding vir my bewerk het deur 'n afgehandelde werk aan die kruis! Vandag rus ek in U GENADE en weet ek, ek is geregverdig deur die bloed van Jesus.

### **Oordink:**

Die wet veroordeel my op my beste. Genade red my toe ek verlore was en gee aan my God se vrede, heelheid en sukses.

***Genade is vir die onregverdige 'n uitnodiging en vir die selfregverdige 'n bedreiging.***

## DAG 13 - GENADE DIE GROOT GESKENK VAN GOD

**Efes 2:8-9 [NLV]** *Dit is mos dié genade wat julle verlos het deurdat julle tot geloof gekom het. En julle verlossing kom nie uit julleself nie, maar is 'n gawe van God. 9 Dit is nie die gevolg van julle dade nie. Niemand kan daarvoor grootpraat nie.*

Baie mense sê dat hulle glo. Dit is noodsaaklik om te kyk wat jy glo. Om hierdie geskenk van God te kan ontvang moet jy sekere goed in jou lewe uitklaar:

1. Verstaan dat jy jouself nie kan red nie.
2. Verstaan dat jy 'n verlosser nodig het.
3. Jesus aanneem as jou verlosser en redder.
4. Hom innooi in jou lewe.
5. Glo dat Hy in jou plek gesterf het en al jou sonde van jou af weggeneem het.
6. Weet dat geen werke wat jy doen dit ooit kon bewerk nie.

Dit is wat die basis van jou geloof moet wees. Dan ontvang jy die ewige lewe en word jy geregverdig deur die afgehandelde werk van Jesus aan die kruis en staan jy voor God asof jy nooit sonde gedoen het nie. Die Woord leer ons dat Hy nooit weer aan jou sonde dink nie.

Moenie genade een kant toe skuif deur te dink jy kan jouself verbeter nie. As dit so was het Jesus verniet gesterf. Gal 2:20 [NLV] Ek verwerp nie dié genade van God nie. As dit moontlik was om deur God vrygespreek te word deur die wet te onderhou, het Christus mos verniet gesterf!

Jy moet onthou dat jy nooit voor God kan gaan staan en spog dat jy iets gedoen het om jou saligheid te bewerk nie. Dis 'n geskenk.

### **Gebed:**

Vader, dankie dat Jesus die geskenk van om in die regte verhouding met U te staan vir my bewerk het deur Sy dood aan die kruis. Dankie dat ek niks hoef te doen om dit te verkry behalwe deur te glo nie. Dankie dat as ek glo, staan ek geregverdig voor U en beleef ek U guns, genade en seën op my lewe.

### **Oordink:**

Genade is 'n geskenk en jy kan dit nie verdien deur iets te doen nie.

*Our "safe place" is not where we live, it is in whom we live.*



## DAG 14 - DIE REGTE DEFINISIE VAN GERECHTIGHEID DEUR GENADE

**Gal 2:21 [NLV]** Ek verwerp nie dié genade van God nie. As dit moontlik was om deur God vrygespreek te word deur die wet te onderhou, het Christus mos verniet gesterf!

Baie gelowiges beskou geregtigheid as 'n lys van dinge wat hulle reg doen en as hulle faal dat hulle "ongeregtig" is. Dit is 'n verkeerde begrip van God se genade. Ons is geregverdig as gevolg van wat Jesus aan die kruis gedoen het. Christus het vir ons sonde geword sodat ons geregverdig kan wees en dit is slegs deur genade. Dit is 'n totale genadedaad van God se kant af.

Ons is as kinders geleer dat jy aanvaarbaar sal wees as jy sekere voorskrifte by die huis of die skool nakom. Dit is deel waar ons verkeerde begrip van genade en geregtigheid vandaan kom. God is nie opsoek na edel werke, self-opofferende dade wat die vlees streel om ons verhouding met Hom te bepaal en te versterk nie. Hy stel slegs belang in Jesus se nederigheid aan die kruis toe Hy uit genade ons sonde op Hom geneem het en ons sonde van ons af weggenem het. Daarom kan ons nie 'n klomp reëls daar stel en dink dat dit ons saligheid kan bewerk nie.

As jy deur jou werke gered kan word was God se genadedaad om Jesus in jou plek te laat sterf tervergeefs. Dan verloor die hele Nuwe Testament sy impak en die hele werklikheid van die kruis as genadedaad word bloot 'n mooi storie van geen waarde.

Regverdigmaking is deur die dood van Jesus aan die kruis alleen. Jesus se offer was meer as genoeg om jou te regverdig en as geregverdigde kan jy verseker wees van God se onverdiende genade elke dag in jou lewe.

### **Gebed:**

Vader ek dank U vir U genade en dat my geregtigheid nie gebasseer is op een van my werke nie maar uitsluitlik op U genade. Dankie vir wat Jesus vir my aan die kruis gedoen het. Dankie dat ek my kan berus op Sy afgehandelde werk. Dankie vir U onverdiende genade wat my regverdig verklaar!

### **Oordink:**

My geregtigheid is slegs gebasseer op wat Jesus vir my gedoen het deur Sy genade.

*I am His child and I am not afraid.*

## WEEK 3

### DAG 15 - FOKUS OP JESUS EN ERVAAR DEURBARKE

**Rom 10:17 [NLV]** *Die geloof volg uit die aanhoor van die boodskap. En die aanhoor van die boodskap volg uit die prediking van die Goeie Nuus wat handel oor Christus.*

In hierdie nuwe verbond van genade kom ons in 'n verhouding met Jesus die Seun van God. Vir baie is dit bloot 'n verlosser wat my verlos het van die vloek van die wet en dat ek nie meer hel toe gaan nie. Hy is veel meer! Begin om te fokus (te mediteer) op die Woord wat Jesus aan ons bekendstel. Jesus is die Woord wat vlees geword het en ons kan Hom leer ken as liefdevol, in Sy afgehandelde werk, Sy vergifnis en in Sy genade. As ons hierdie Jesus in ons lewens het kan ons totale menswees verander.

Vat een vers op 'n dag. Bv **Psalm 23:1 [NLV]** *Die Here is my herder; daar is niks wat my ontbreek nie.* Oordink dit. Leer Hom ken as die een wat in die teenswoordige my herder is. Hy sal vir my sorg en ek sal aan niks kortkom nie. Hy sal dus voorsien aan die rykdom van sy genade binne my huidige situasie en so word my geloof gebou tot op 'n plek waar ek Sy genade begin sien in my lewe. Hierdie geloof word 'n leefstyl en 'n sterkte in nou lewe. So volg geloof uit die aanhoor van die boodskap. Wanneer dit geloof in jou hart is word dit 'n anker en word jy ook 'n draer van hierdie genade na ander om sodoende hulle lewens te raak.

Die Woord word vir jou 'n werklikheid, teks vir teks en jou lewe verander sonder dat jy spartel en eie pogings aanwend. Die Woord, Jesus word vir jou daaglik 'n lewende werklikheid en jou lewe begin in 'n sukses verander! **Jos 1:8 [NLV]** Hou hierdie wetboek altyd by jou. Dink dag en nag daarvoor na sodat jy alles kan doen wat daarin geskryf is. Jy sal dan sukses behaal op jou pad. Jy sal voorspoedig wees.

Ons dink ons is suksesvol as ons die eerste miljoen het, of darem 'n huis en 'n kar het en in die proses haat ons kinders die Here. Ware sukses is wanneer ons die Here toelaat om ons in alles te lei deur Sy Woord en die res sal volg. Leer om Jesus in die totale Bybel raak te sien (ou Testamentiese verwysings en beeld van Hom ingesluit). Laat dit jou geloof word!

As jy deurbrake in jou lewe wil beleef, hou op fokus op jou stryd, jou begeertes, jou tekortkominge. Niks hiervan kan vir jou sukses bewerk! Die afgehandelde werk van Jesus aan die kruis is wat die verskil maak en dit maak dat die ou en nuwe testamentiese beelde en beloftes nou 'n werlikheid binne ons verhouding met God kan wees! Dit moet ons geloof vorm! Dis nie nuwe testament (goeie nuus) plus wette wat dinge in jou lewe gaan verander nie! Dit is geloof in die onverdiende genade van God wat vir jou en my 'n werklikheid is!

**Heb 12:2 [NLV]** Kom ons hardloop met volharding op die baan wat voor ons uitgestrek lê, ons oë vasgenaël op Jesus, die Voorganger en Voleinder van ons geloofswedloop.

#### **Gebed:**

Vader, dankie dat U weg, 'n weg van rus is. Al wat ek moet doen is om op Jesus te fokus wat die begin en die voleinder van my geloof is. Dankie dat U my voetspore sal rigting gee. Dankie dat U my sal lei na plekke van oorwinning en deurbraak. Openbaar Jesus in en deur U Woord aan my soos ek U woord oordink. Dankie dat ek U liefde, Genade en guns kan leer ken en dat U vergifnis en onverdiende genade my deel is!

#### **Oordink:**

Wanneer ek op Jesus fokus, verander my menswees en totale lewe word geraak.

*I know my name is clear before my Father*

### DAG 16 - GENADE ONTVANG JY – JY MOET DIT BEGIN GLO

**Fil 3:9 [AOV]** ... in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof ...

Die genade van God is nie iets wat jy voor kan werk nie, verdien of 'n stel reëls voor nakom nie. Wanneer God na ons uitreik in ons meer onverdienstelike oomblik, besmet met sonde is dit GENADE.

In ons menswees verdien ons niks goed nie. Omdat ons die geregtigheid van God is deur Jesus se werk aan die kruis sal God ons seën en Sy guns laat ervaar. Ons aandeel is nie om te sukkel nie, maar om te glo.

Ons moet begin glo in die volmaakte werk wat Jesus vir ons gedoen het. Ons is totaal geregverdig. Daar is geen sweempie van die verlede en van ons foute wat God teen ons hou nie. Hoe meer ons bewus is van ons geregtigheid, hoe meer sal ons God se onverdiende genade ervaar.

Jy is wat jy oor jouself glo of wat jy mense en die vyand sal laat glo. Daar is nie een teks in die hele Nuwe Testament wat na die gelowige verwys as 'n sondaar nie. Wanneer die aanslag van geestelike minderwaardigheid kom en die aanklaer jou vertel jy is nie waardig nie, maak jou geloof net weer opnuut vas in die werk wat Jesus vir jou gedoen het en wandel daarin. Die rede hoekom ons dit kan doen is omdat ons geregtigheid nie uit ons is maar vanuit God is en ons glo die Woord wat dit aan ons verklaar.

Hierdie is 'n geveg van geloof. Die geveg van geloof is om te veg teen die gedagtes en aanslae wat jou na werke wil vat en jou op jou mislukkings wil wys en aan te hou glo in die volmaakte werk wat Jesus vir ons gedoen het. Paulus was wetsgehoorsaam vers 6 van Fil 3 "Wat wetsgehoorsaamheid betref as metode om my saak met God reg te maak, was ek onberispelik!" maar hy het geleef dat dit nie sy saligheid kan bewerk nie en se: "Ja, om Christus Jesus, my Here, te ken is só wonderlik dat ek alle ander dinge as 'n verlies beskou." Daar is net een pad. Jy moet glo dat jy vrygespreek is op grond van die werk wat Jesus aan die kruis gedoen het en dat Hy jou verhouding met God herstel het. Jy moet dit elke dag vasmaak in jou geloofslewe.

**Gebed:**

Vader, dankie dat ek net hoef te glo. As ek faal hoef ek net te glo, as ek wen hoef ek net te glo! Dankie!

**Oordink:**

Glo en fokus op jou geregtigheid deur God, daagliks!

*I'll walk with joy to know my debts are paid.*

**Rom 3:22 [NLV]** God spreek ons vry wanneer ons op Jesus vertrou om ons sonde weg te neem. Ons kan almal hierdie vryspraak ontvang, maak nie saak wie ons is of wat ons gedoen het nie.

**Rom 3:22 [AOV]** die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie

God spreek jou vry! Dit is die wonderlikste nuus wat ons as gelowige ooit kan hoor. Die groter nuus is dat almal hierdie vryspraak kan ontvang. Dit maak nie saak wie jy is nie, uit watter familie agtergrond jy kom nie. Jou status in die samelwing geld nie as dit by geregtigheid kom nie. Jou foute wat jy begaan het diskwalifiseer jou nie. Kyk wat se God deur die profeet Jesaja in **Jes 1:18 [NLV]** "Kom nou, laat ons die saak uitpraat," sê die Here. "Maak nie saak hoe diep die vlek van julle sonde is nie, Ek kan dit verwyder. Ek kan julle so skoon maak soos sneeu wat pas geval het. Selfs al is die vlek so rooi soos purper, Ek kan julle wit maak soos wol."

Geen wonder dat die liedere digter skryf GENADE ONBESKRYFLIK GROOT!

Verstaan net wat die geregtigheid van God is, dis nie iets wat jy kan bewerk nie. Jy ontvang dit deur geloof in Jesus Christus. Daar is geen onderskeid oor wie en wat jy is en wat jy al gedoen het nie. Moenie ooit glo dat daar een saak te groot is wat tussen jou en God kan staan nie. Die prys is vir al jou sonde is betaal. Geen sonde kan staan voor die krag van die bloed van Jesus nie. Verklaar dit daagliks dat Jesus se bloed my gereinig het van al my sonde en dit maak nie saak waar ek vandaan kom en wat ek al gedoen het nie. Gaan vandag en maak hierdie as 'n geloofsdaad in jou lewe vas. As daar iets is wat nog pla, bely dit en glo dat dit vir eens en vir altyd hanteer is!

**Gebed:**

Vader, ek dank U dat U geen onderskeid maak tussen mense nie. Dankie dat my agtergrond geen rol speel wanneer dit by U genade kom nie. Ek verklaar dat ek glo dat Jesus al my sonde weggeneem het en dat ek geregverdig is deur U. Dankie Vader.

**Oordink:**

Genade onbeskryflik groot vir my en ek glo dit!

*I then shall live as one who's been forgiven.*

## DAG 18 - DIT IS DIE KRAG VAN GOD AAN DIE WERK

**Rom 1:16-17 [NLV]** *Vir hierdie Goeie Nuus is ek allesbehalwe skaam. Dit is immers God se krag wat hier aan die werk is. Dit bring verlossing vir elkeen wat glo - heel eerste vir die Jode, maar ook vir die nie-Jode. 17 Hierdie Goeie Nuus maak bekend dat God ons van ons sondes vryspreek. En dit gebeur enkel en alleen deurdat ons glo. Soos die Skrif sê: "Elkeen wat vrygespreek word omdat hy glo, sal lewe."*

Dit is goeie Nuus, die beste wat jy ooit kon hoor! Dit is iets waarvoor ons met geloof kan praat want ons het dit eerstehands ervaar! As jy nog nie die belewenis van hierdie goeie nuus beleef het nie is vandag beslis 'n geleentheid om dit jou eie te maak.

God se krag kom in ons lewens aan die werk, die oomblik wat ons glo dat Jesus in ons plek gesterf het en ons Hom aanneem as ons Verlosser en Saligmaker. Hierdie krag maak ons vry van die mag van sonde en verlos ons van die vloek van die wet. **Gal 3:13[NLV]** *Christus het ons losgekoop van die vloek wat op wetsoortreders rus toe Hy vir ons 'n vervloekte geword het. Daar staan geskryf: "Vervloek is elkeen wat aan 'n paal hang.*

Nou kan ons leef sonder enige veroordeling en aanklag. Ons kan fokus op Jesus wat die werk vir ons gedoen het sodat ons geregverdig kan staan en daarom dinamiese groei beleef omdat ons nie fokus op wat verkeerd was of is maar op Hom wat die goeie werk in ons sal klaarmaak.

Ons gedeelte sê: "Elkeen wat vrygespreek word omdat hy glo, sal lewe." Jou lewe begin nou! Jy swoeg nie meer om God te beïndruk. Jy steier nie meer onder die las van sonde. Jy vrees nie meer omdat die verhouding tussen jou en God volkome herstel is. Nou kan jy vir die eerste keer waarlik voor God lewe en die lewe saam met jou Verlosser geniet. Die Afrikaanse Ou Vertaling sê: "die regverdige sal deur die geloof lewe".

Nou is die krag van God aan die werk in jou lewe en jou lewe word vanaf slawerny van die sonde verander na oorwinnaar wat die seën en die guns van die Here beleef en sien!

### **Gebed:**

Ek maak vandag my lewe oop dat U kragtig in my kan werk. Dankie dat U my Verlosser is en dat ek die vrug daarvan opnuut vanaf hierdie dag sal sien en beleef. Help my asseblief om nooit hiervoor skaam te wees nie en om dit in geloof met ander te deel. Ek bely vandag dat ek dit glo en dit sigbaar sal uitleef.

### **Oordink:**

Leef jy onder veroordeling of as regverdige wat glo dat Jesus jou verlos het?

***The righteousness of Christ is to be magnified - when the righteousness of a Christian is not to be mentioned.  
William Secker***

## DAG 19 - HOEKOM IS DIE BEWUSTHEID DAT JOU SONDE VERGEWE IS BELANGRIK?

**1 Joh 2:12 [NLV]** Ek skryf aan julle, kinders: Julle sondes is vergewe op grond van wat Jesus vir ons gedoen het.

Soms wonder mense hoekom is die saak so belangrik? Eerstens, indien jy nie seker is dat jou sonde vergewe is nie dan is jou saligheid en waar jy die ewigheid gaan deurbring altyd 'n onsekerheid in jou hart.

Tweedens, as daar nie ten volle met jou sonde gedeel is by die kruis van Golgota nie, dan kan jy nie met vrymoedigheid die teenwoordigheid van die Here geniet nie. Jy sal in vrees lewe en altyd wonder wanneer en hoe God jou gaan straf vir jou foute. Jy sal gedurig onwaardig voel as gevolg van jou daaglikse foute wat jy begaan en nooit die volle vreugde van kindskap kan ervaar nie.

Derdens, as jy nie glo dat Jesus met al jou sonde gedeel het nie, sal jy elke keer as jy faal glo dat jou verhouding met God nie meer reg is nie en die gevoel hê dat jy elke keer van voor af moet begin. Jy sal glo dat jou verbondenheid in die tye van die Here afgesny is. Jy sal dus konstant (daaglik) gebroke wees en verwyderd van God voel en dit is hier waar vrees en werk weer 'n rol begin speel en jy weer op 'n "treadmill" klim en nêrens kom in jou verhouding met God.

Jy sal konstant op 'n emosionele swaai wees en nooit die vreugde en seën van Kind van God wees kan ervaar nie. God evalueer jou nie op die basis van jou gedrag nie. Hy sien Jesus in jou lewe. As hierdie bewustheid groei, vrees godsdienstiges dat jy meer sonde sal doen. Die teendeel is waar, jy leef al hoe meer in oorwinning omdat sonde sy houvas op jou verloor het en jou fokus nie meer op jou foute en tekortkominge is nie, maar op Jesus wat jou verlos het.

### **Gebed:**

Vader, dankie dat U my leer om op Jesus en Sy werk vir my gedoen te fokus en fees te vier oor my vergifnis sodat ek net meer en meer in oorwinning kan leef wat vir my bewerk is. Ek bid dat my verhouding met U my net nader aan die waarheid dat ek totaal vergewe is sal trek en dat hierdie fokus my sal help om net meer te leef soos wat U begeer dat ek sal leef.

### **Oordink:**

Ek is totaal vergewe en vry om al die seënige van kindskap van God te kan beleef vandag!

*God never alters the robe of righteousness to fit the man. Rather He alters the man to fit the robe.*

*John Hagee*

## DAG 20 - ONS AANDEEL IN DIE NUWE VERBOND VAN GENADE

Dit is konstant die vraag in mense se harte. Dit klink te goed om waar te wees dat ek niks kan doen om my saligheid te bewerk nie. Hier is jou aandeel, jy moet GLO! Lees nou aandagtig. As jy die gemiddelde Suid-Afrikaner vra of Hy in Jesus glo sal jy meer as 70% keer 'n JA kry. Daar is die wat glo dat Hy wel 'n historiese figuur was, 'n morele filosoof, charismatiese leier of profeet. Ander sal glo dat Hy wel die Verlosser van die wêreld is, maar dis waar hulle geloof eindig. Baie glo dat hulle behoort aan 'n Christelike kerk en daarom is hulle gered. Die hartseer is dat niks hiervan iemand sal red nie.

Kom ons stel dan vas wat dit beteken om te glo in Jesus. Om in Jesus te glo, beteken in die eerste plek, dat jy Hom ontvang in jou lewe as jou Here en Verlosser wat vir jou gesterf het op die kruis vir al jou sonde. Om in Jesus te glo, is om te glo dat Jesus die enigste weg na Saligheid is en dat as jy Hom ingenooi het in jou lewe ontvang jy die GAWE van die ewige lewe. Verder, en die feit is vir jare nie deur die kerke verkondig, glo jy bo enige twyfel dat Jesus die straf vir al jou sonde gedra het. Jy glo dat Hy nooit weer daaraan dink nie.

Jy moet met jou hele hart glo dat God se Woord waar is.

**Heb 8:12 [NLV]** Ek sal My ontferm oor julle ongeregtighede en Ek sal nooit weer aan hulle sondes dink nie."

In hierdie nuwe verbond van genade is jou taak om te glo. Glo dat die bloed van Jesus jou gereinig het van alle sonde! Glo in jou kindskap. Glo in die afgehandelde werk van Jesus aan die kruis.

**Gebed:**

Vader, ek dank U dat AL my sonde, alles, gewas is in die bloed van Jesus. Help my verstand om dit te snap en my hart om dit te glo. Dankie dat U nooit weer daaraan dink nie. Dankie dat goedheid en guns my volg net waar ek gaan.

**Oordink:**

Glo net!

***Justification is not merely an externally pasted-on "as if." Man is not only called just but he is just. He is a new man not just outwardly but inwardly, not just partially but totally, not just negatively but positively. That is an indisputable presupposition.***

***Hans Kung***

## DAG 21 - WAT GLO JY?

**Rom 5:1-2 [NLV]** *As mense wat deur God vrygespreek is omdat ons glo, het ons nou vrede met God op grond van wat Jesus Christus ons Here gedoen het. Deur Jesus Christus het ons, deurdat ons glo, toegang verkry tot hierdie heerlike posisie van genade waarin ons ons nou bevind, en ons jubel vol verwagting oor die heerlikheid wat God aan ons gaan gee.*

Geloof in die afgehandelde werk van Jesus gee nie net aan ons vrypraak nie. Dit gee vrede met God. Dit is wonderlik om te kan weet dat die verhouding tussen jou en God bestaan op die basis van vrede. Niks wat pla, niks wat skeiding bring nie. Nou is ons in 'n nuwe posisie met God. Paulus beskryf dit as 'n posisie van genade. Dit gee bo en behalwe dat ons nou die seën en voorspoed van die Here kan beleef aan ons 'n toekoms verwagting.

In die nou kan ons begin glo in die guns en seën wat saam met die regte stand met God gepaard gaan. Om geld uit 'n OTM te trek moet jy 'n wagwoord hê en ken. Om die guns van God te ervaar is die wagwoord van geloof! Ek moet begin glo dat ek nie net 'n produk van my omstandighede is nie. Ek moet begin glo in die guns van die Here in my lewe. Ek moet begin glo dat die gedagtes wat die Here vir my koester, volgens Sy woord, van voorspoed en nie teëspoed nie en dat Hy jou 'n hoopvolle toekoms wil gee.

Ek het van staat verander, van verlore sondaar na die posisie van kind van God wat gereed is om Sy guns en genade in my lewe te smaak. Die woord leer ons dat Jesus sê: As julle dan wat sleg is weet om goeie gewoontes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Hemelse Vader aan julle gee.

Die vraag is wat is jou verwagting? Jou verwagting word bepaal deur wat jy glo. Mense glo dat dit met hulle sleg moet gaan, ander glo dat slegte dinge in drie'e moet plaasvind, ander glo dat hulle gestraf word vir foute begaan. Glo vandag dat jy 'n vrygespreekte kind van God is onder die nuwe verbond wat insluit dat die Here my sal seën en sal beskerm en met my sal wees en dat ek vanuit sy Genade sal leef en Sy vrede sal beleef!

### **Gebed:**

Vader, vestig hierdie waarheid deur U Heilige Gees in my hart asseblief. Ek bely dat ek geseënd is omdat ek vrygespreek is en daarom kan ek verwag dat U my sal seën en U grote genade op elke terrein in my lewe sigbaar sal word.

### **Oordink:**

Ek sit in 'n nuwe posisie, ek het 'n toekoms.

*Grace is free sovereign favor to the ill-deserving.  
Benjamin B. Warfield*



## DAG 22 - DAAR IS VREDE IN DIE VERHOUDING

**1 Joh 4:18 [NLV]** *Volmaakte liefde het nie plek vir vrees nie; volmaakte liefde dryf die vrees uit omdat vrees nog met straf behep is, en wie aanhou vrees, het nog nie dié volmaakte liefde bemeester nie.*

Jy kan nou geestelik en emosioneel groei en vry wees! Die Here gee jou Shalom (vrede)! Geen verhouding kan bestaan in en uit vrees nie. As jy gedurig vrees en straf verwag, is jou fokus op die verkeerde dinge. Jou fokus word dit wat verkeerd is/was en dan maak jy soms weer dieselfde fout. Volmaakte liefde dryf die vrees uit. Ons volmaakte liefde bestaan in 'n God wat ons lief gehad het toe ons nog sondaars was en ons gered het en nou Sy kinders noem. As Sy kind het ek nie vrees nie! Ek weet my Hemelse Vader is lief vir my en sien die werk wat Christus gedoen het deur vir my te sterf! Ons verhouding is herstel en ek het geen meer vrees omdat ek met straf behep is nie! Ons noem dit 'n verhouding wat gebou is op genade. Hoe meer jy die openbaring beleef dat God jou Liefdevolle Hemelse Vader is en dat Jesus die verhouding volkome herstel het, hoe meer beleef jy vrede en hoe meer val van die goed wat pla af omdat ek op Hom fokus en dit is net Hy wat my sielsmens volkome kan vrymaak. Ek kan myself nie red nie.

**Jes 54:9-10 [NLV]** *"Dit is soos in die tyd van Noag toe Ek belowe het dat die waters nooit weer die aarde sal oorstroom nie. So belowe Ek nou dat Ek nooit weer kwaad sal wees en jou straf nie. Want die berge kan padgee en die heuwels verdwyn. Maar my liefde vir jou sal nooit verander nie, en my verbond van vrede sal nooit gebreek word nie," sê die Here wat Hom oor jou ontferm.*

**Fil 4:7 [NLV]** *En God se vrede, wat meer is as wat 'n mens dink, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou omdat julle aan Christus Jesus verbonde is. **Gebed:***

Vader, gee my asb in hierdie dag die openbaring van U perfekte liefde vir my, sodat U volmaakte liefde enige vorm van vrees wat straf verwag, uit my lewe sal werp. Ek bely dat U nie wil hê dat ek in vrees moet lewe nie. Deurdat Jesus vir my gesterf het staan ek in 'n nuwe verbond van genade en vrede waarin ek U kan leer ken en beleef as die God van liefde. Ek weet dat U Heilige Gees altyd by my is en my help om suksesvol te wees en te lewe.

### **Oordink:**

God is nie kwaad vir my nie. Hy veroordeel my glad nie, maar het my onvoorwaardelik lief vanweë Jesus se volmaakte offer vir my.

***Grace is given to heal the spiritually sick, not to decorate spiritual heroes"***  
***Martin Luther***

## DAG 23 - RAAK BEWUS VAN JOU STAND – GEREGERDIG DEUR GOD

**Fil 3:9 [NLV]** Ek probeer nie langer my saak met God regstel deur die wet te gehoorsaam nie, maar deur in Christus te glo. Deur die geloof stel God ons saak met Hom reg.

Die genade van God wat my verhouding herstel tot een wat geregerdig (asof ek nooit sondig was nie) is onverdiend, gratis en verniet. Wanneer God by ons lewens dan betrokke raak, wanneer ons dit menslik gesproke die minste verdien, is dit genade wat aan die werk is omdat ons geregerdig is. Hier lê die probleem. Ons voel soms vër van God vanweë ons gebrokenheid. Ons voel soms ons verdien die stryd en swaar vanweë foute wat ons begaan het. Dit is juis hier waar ons moet weet dat niks wat ek doen of kan doen en beslis niks wat ek nie doen, God se beweging in my lewe verdien nie.

Ek staan nou in 'n verhouding met God in my lewe en ek weet dat ek geregerdig is en dat God daarom altyd by my is. Ons ontvang hierdie nuwe "status" deur die geloof. Ek moet hierdie geloof in my hart laat groei sodat ek vanuit hierdie nuwe posisie kan begin lewe en die voordele daarvan kan begin geniet. Ons verkeer te veel in 'n "staat" van die Here is nie by my nie. Ek is geregerdig deur God en Hy is nou altyd by my. Die Bybel leer ons dat die geregerdige sal deur die geloof lewe. Ek moet dus bepaal: wat glo ek?

Hier is die basis van my geloof dan as Nuwe Verbond kind van die Here: Ek is gewas in die bloed van Jesus en my sonde is van my weggeneem. Ek is 'n bloedgewasde kind van God en Hy woon permanent nou in my deur Sy Heilige Gees en ek is GEREGERDIG (asof ek nooit sonde gedoen het nie). Ek bekom dit deur te glo en nie deur werke nie. Ek hoef dan nou nie meer sondebewus te lewe en elke keer in die struikelblokke daarvan te beland nie, maar kan eerder van U bewus lewe en in die oorwinning wat daarmee gaan begin lewe. Hoe meer ek bewus is van my stand van geregtigheid, hoe meer ervaar jy God se onverdiende genade!

### **Gebed:**

Vader, dankie dat ek 'n nuwe status het, dat ek nie meer 'n sondaar is nie, maar U kind. Dat ek voor U mag staan omdat Jesus al my sonde van my weggeneem het en ek nou in 'n nuwe verhouding met U staan waar U nooit vër is of van my wegdraai. Help my om elke dag met hierdie bewustheid te lewe en die wenne deel van my lewe te maak. Dankie dat U hierdie verhouding vir my moontlik maak. Dankie dat dit nie van my gehoorsaamheid afgehang het nie, maar bewerk was deur Jesus se totale gehoorsaamheid aan die kruis van Golgota.

### **Oordink:**

Ek kan altyd God se guns beleef, selfs in die tye wat ek voel ek dit nie verdien nie.

***Christ is become of no effect unto you, whosoever of you are justified by the law; ye are fallen from grace."***  
***Bible, Galatians 5:4***

## DAG 24 - SOOS JESUS IS VANDAG, SO IS JY!

**1 JOH 4:17 [AOV]** Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld.

Is dit nie wonderlik om te weet dat God jou nie oordeel volgens jou prestasie vandag nie? Intendeel, Hy kyk na Jesus, en soos Jesus is, dis hoe Hy jou sien. Dit is waarvoor Hy die duurste prys ooit betaal het. As God se kinders hoef ons in die eerste plek nooit die dag van oordeel te vrees nie, deur die eenvoudige rede dat al ons sonde ten volle veroordeel was op die kruis en dat die prys daarvoor ten volle betaal is deur die bloed van Jesus!

Ons leef nou in 'n volmaakte liefdesverhouding met ons genadige Hemelse Vader sonder vrees! Hoe lyk Jesus vandag? **Efes 1:19-23 [NLV]** *Mag julle insien hoe enorm groot die krag is wat God gebruik vir ons wat glo. Dieselfde magtige sterkte was ook aan die werk 20 toe God Christus uit die dood opgewek het en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het. 21 Nou is Christus hoog verhewe bo elke owerheid en gesag en krag en heerskappy, ja, elke noemenswaardige instansie, nie net in hierdie wêreld nie, maar ook in die wêreld wat kom. 22 God het alle dinge onder sy beheer gestel en Hom ook as Hoof van alles aan die kerk gegee. 23 Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in elke opsig met sy teenwoordigheid vul.*

Ons verstand sukkel met hierdie waarheid. Skryf hierdie 2 tekse neer, memoriseer dit, oordink dit gedurig totdat jou hart dit begin glo. Soos Hy is, is ek in hierdie wêreld.

Ons staan volmaak in Hom en deur Hom is ons geregverdig asof ons nooit sonde gedoen het nie. Skoon, sonder veroordeling, vrygespreek.

### **Gebed:**

Here, help my om in te sien hoe enorm die krag is wat U gebruik vir die wat glo. Dankie dat ek soos Jesus nou is omdat U na Sy afgehandelde werk kyk en nie na my werke nie. Dankie dat alles wat Jesus is nou in my woon deur die kragtige werking van U Heilige Gees.

### **Oordink:**

Soos Hy is, is ek in hierdie wêreld.

***When the mask of self-righteousness has been torn from us and we stand stripped of all our accustomed defenses, we are candidates for God's generous grace.***

***Erwin W. Lutzer***

## DAG 25 - JESUS HET SONDE GEWORD SODAT EK GEREGERDIG KAN WEES

**2 Kor 5:21 [AOV]** *Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.*

Geregtigheid beteken eenvoudig om in die regte verhouding, volgens God se standaard met Hom te staan. Dinge tussen my en God is reg en dit hang nie van my werke af nie, maar van die feit dat Jesus in my plek gesterf het en ek dit glo. Die Nuwe Lewende vertaling sê dit so: "God het Hom wat nie sonde geken het nie, sonde gemaak ter wille van ons, sodat ons, op grond van ons hegte verhouding met Christus, deur God vrygespreek kan word." Om geregtig te wees is God se standaard. Die wet kon dit nie vir ons bewerk nie, aangesien ons bloot net slawe van die wet geword het wat dit nie kon onderhou nie.

Paulus beskryf hierdie probleem in **Rom 8:3-4 [NLV]** *Die wet van Moses kon ons as gevolg van ons sondige natuur nie verlos nie. Daarom het God sy eie Seun met 'n menslike natuur soos ons sondige menslike natuur na ons toe gestuur om as offer vir ons sonde te dien. Daarmee het Hy afgereken met die sonde in ons menslike bestaan, 4 sodat ons kan voldoen aan die vereiste van die wet. Jesus het Sy plek as die seun van God wat sonder sonde was prysgegee en ons sonde op Hom laat neerkom sodat ons geregtig kon word. Nou is ons sonde van ons af weggeneem. Jesus het dit gedra vir eens en vir altyd en ek en jy kan vir altyd leef as mense wat die vereiste van die wet nagekom het op grond van die feit dat Jesus in ons plek gesterf het.*

Deur Jesus se dood, die betaal van die vloek van sonde het Hy vrede tussen ons en God bewerk. Deurdat Hy sonde geword het, ons sonde gedra het staan ons nou in 'n hegte verhouding met die Vader en ervaar ons Sy genade daaglik in ons lewens.

### **Gebed:**

Here, dankie dat Jesus vir my sonde geword het. Dankie dat ek nou geregtig is en aanvaarbaar voor God staan. Dankie dat my lewe nou as gevolg van die dood van Jesus en Sy bloed wat gevloei het nou skoon is en dat my sonde van my af weggeneem is. Dankie dat ek nou in 'n hegte verhouding met Christus kan staan en deur God totaal vrygespreek is. Dankie dat my verlede geheel en al verby is.

### **Oordink:**

Ek is skoon gewas deur die bloed van Jesus en ek is geregtig.

***"Grace isn't a little prayer you chant before receiving a meal. It's a way to live." The law tells me how crooked I am. Grace comes along and straightens me out."***

***Dwight Lyman Moody***

## DAG 26 - GEEN VEROORDELING

**Rom 8:1-2 [NLV]** Vir hulle wat aan Christus Jesus verbind is, is die oordeel nou heeltemal weggeneem. 2 Die lewegewende Gees is so magtig dat Hy jou deur Christus Jesus bevry het van die greep van die sonde wat uitloop op die dood.

Die grootste uitdaging in ons lewens is om te kan verstaan dat ons sonde van ons af weggeneem is. **1 Joh 4:10 [NLV]** Dit is volmaakte liefde: nie dat ons vir God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun as versoeningsoffer gestuur het om ons sondes weg te neem. Die mens wil telkens 'n "maar" byvoeg. As daar nog sonde ter sprake was, was daar veroordeling. Nou is ons sonde van ons af weggeneem deurdat Jesus die volmaakte versoeningsoffer gebring het.

Die wet met sy klagstaat teen ons is uitgewis. **Kol 2:13b-14 [NLV]** Hy het ons al ons sondes vergewe. 14 Hy het die dokument met voorskrifte wat as klagstaat teen ons gedien het, uitgevee en dit vir goed weggevat deur dit aan die kruis vas te spyker. Dus is daar geen skuldbrief, geen sonde en dus geen veroordeling.

My verlede is finaal verby. Ek kyk nie terug, want God kyk nie terug. Ek hou nie vas, want God het deur Sy magsdaad my vrygemaak van sonde, verlede en pyn.

Nou kan ons vry van die wet se klagstaat lewe. Die wet word nou vervang deur 'n lewe gedryf deur die Heilige Gees. Omdat ons nou begin leef deur die Heilige Gees wat in ons werk kan ons loskom van enige greep wat ooit mag op ons gehad het. Omdat die greep van die wet op ons los is kan niks ons meer bind en vashou en weerhou van 'n lewe wat skoon en geregverdig voor God is nie. Dit is 'n werk van God en nie vanweë my goedheid nie.

### **Gebed:**

Here, dankie dat daar vir my geen veroordeling is omdat ek glo dat Jesus se volmaakte werk aan die kruis, my sonde van my af weggeneem het. Dankie dat ek nou kan leef deur die werking van die Heilige Gees in my lewe.

### **Oordink:**

Geen veroordeling, volkome vryspraak – laat dit 'n slagspreuk in jou lewe wees.

***Die rede dat mense eerder 'n godsdiens van wette en reëls verkies is omdat ons mens-hart sukkel om God se onvoorwaardelike liefde te aanvaar, ons wil dit verdien...***

***Danie Lodder***

## DAG 27 - BEHOU JOU FOKUS

**Matt 6:33 [AOV]** Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Wat is die koninkryk van God? **Rom 14:17 [AOV]** Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees. As jy dus God se manier van doen soek, kyk jy na Jesus. Jy gee jou lewe aan Hom en ervaar Sy geregtigheid in jou lewe (Sy regverdigmaking) dan word hierdie dinge vir jou bygevoeg. Dan beleef jy geregtigheid, die vrede wat daarmee saam gaan, en die blydskap wat die Heilige Gees in jou lewe werk. Hierdie dinge verwys na wat jy sal eet en sal drink en sal aantrek. God sal vir jou sorg, want Hy aanvaar eienaarskap van jou, as jou Hemelse Vader. Hy stel in jou alledaagse nood belang en sal voorsien daarin.

Hou dus jou oë op die afgehandelde werk van Jesus aan die kruis en hy sal vir jou sorg. Hy sal byvoeg wat jy nodig het in die lewe. Hy word jou bron van sukses. Ons moet nie begin staatmaak op wat ons regkry of in misluk en God se voorsiening en sorg daaraan koppel nie. Ons moet suiwer ons fokus behou op die afgehandelde werk van Jesus aan die kruis as die bron en die sleutel tot God se voorsiening in ons lewens. Dit is SLEGS Sy geregtigheid wat seën bewerk en NIE Sy geregtigheid plus ons eie stel reëls nie. God sorg vir die lelies in die veld en vir die mossie. Ons is Sy kinders en meer werd as hulle almal. Hy ryk met Sy liefdevolle hart na ons uit en wil vir ons as Sy kinders voorsien en sorg.

### **Gebed:**

Laat U Koninkryk kom in my lewe, laat U geregtigheid my deel wees, U vrede in my hart heers, laat die blydskap in die Heilige Gees vandag oor my lewe spoel. Ek weet U sorg vir die mossie en ek is meer werd as hulle, U sal vir my sorg. Gee asseblief aan my 'n groter openbaring van Jesus se geregtigheid! Ek begeer om daarin en vanuit dit te lewe.

### **Oordink:**

Wanneer ek fokus op Jesus se geregtigheid, vrede en blydskap belowe God se Woord dat wat ek nodig het in die lewe daar sal wees vir my.

*If you are trying to put your sinfull nature to death, what exactly did Jesus do on the cross?*

*Phil Drysdale*

## DAG 28 - GERECHTIGHEID SÊ DAT GOD ALTYD MET JOU SAL WEES

**Heb 13:5 [NLV]** Onthou dat God die versekering gegee het: "Ek sal jou nie los nie. Ek sal jou nie in die steek laat nie."

Daar was 'n tyd onder die wet in die Ou Testament waar God net met jou sou wees as jy total gehoorsaam is en Sy voorskrifte nagekom het. Wanneer jy sou faal sou jy van God verlate gewees het. Ons staan nou in 'n totale nuwe verbond. Vanweë wat Jesus aan die kruis vir ons gedoen het staan ons nou in 'n verhouding waar die Here belowe dat Hy ons nooit sal los nie. Vandag leef ons in 'n verhouding met God waar Hy konstant teenwoordig in ons lewens is. Wanneer jy reg doen, is Hy met jou. As jy faal, is Hy steeds met jou. Toe Jesus uitroep aan die Kruis: "My God, my God waarom het U my verlaat" Matt 27:46 het die goddelike uitruiling van ons lot plaasgevind. Jesus was verwyder van God se teenwoordigheid as gevolg van ons sonde sodat ons in Sy wonderlike teenwoordigheid kan leef. **Heb 13:6 [NLV]** Daarom kan ons moed skep en antwoord: "Die Here is my hulp; daarom sal ek nie bang wees nie."

Die implikasie in my lewe is dat al gaan ek deur watter situasie, as gevolg van die feit dat ek in geregtigheid voor God staan, is Hy altyd by my. Hy sal my nooit alleen laat nie! Ek hoef nooit weer te vrees vir dit wat my pad langs kom nie.

Hierdie sin in die oorspronklik Grieks is in die dubbel negatief geskryf, nooit, nooit! Dit is die sterkste vorm van uitdrukking rondom God se voorneme om by jou te wees. Die Griekse woord "om me" beteken "nooit, nooit" of "nooit ooit."

Die Amplified Bybel vertaal dit korrek **Heb 13:5 [AMP]** for He [God] Himself has said, I will not in any way fail you nor give you up nor leave you without support. [I will] not, [I will] not, [I will] not in any degree leave you helpless nor forsake nor let [you] down (relax My hold on you)! [Assuredly not!]

Dit is wat Jesus vir ons bewerk het in die verhouding van geregtigheid. Laat jou hart rustig word, die Here is met jou en sal jou nie los nie. Hy sal Sy werk in jou lewe klaarmaak. Geen mens en geen omstandigheid kan hierdie werklikheid van jou af wegneem nie.

### **Gebed:**

Vader, dankie dat ek hierdie konstante teenwoordigheid van U kan beleef as gevolg van die goddelike ruiltransaksie van Jesus op Golgota. Of ek nou op 'n hoogtepunt of op 'n laagtepunt in my lewe is, reg opgetree het of foute begaan het, U is by my. U teenwoordigheid bewerk vrede in my lewe en daarom het ek niks om te vrees nie.

### **Oordink:**

God sal nooit ooit, op enige manier, in enige graad, my hulpeloos laat en alleen los nie.

*It is the supreme art of the devil that he can make the law out of the Gospel.  
Martin Luther*

## WEEK 5

### DAG 29 - GOD IS BY JOU!

**Matt 1:22-23 [NLV]** *Dit alles het gebeur om die Here se boodskap deur die profeet te laat uitkom: "Die maagd sal swanger word! Sy sal aan 'n Seun geboorte gee. En die mense sal Hom Immanuel noem." (Hierdie naam beteken: God is by ons.)*

Jesus se Naam beteken dat die Almagtige God van genade met ons is! Wanneer die Almagtige Vader met jou is, moet goeie dinge mos met jou begin gebeur. In jou, om jou en deur jou!

Die lewe kan ons soms oorweldig, maar as ons net ons bewustheid kan kweek dat die liefdevolle God van genade is altyd by ons, dan kan ons alles oorwin wat ons pad langs kom.

Leer iets belangrik vandag. Weet dat al jou wilskrag, spartel, selfdiscipline en eie pogings kan nie doen wat die teenwoordigheid van God in jou lewe kan bewerk nie in een oomblik nie. Jy word nie verander deur jou spartel en eie pogings nie. Dit is deur jou oë te plaas op Jesus wat ons Verlosser is, op Hom en Sy krag staat te maak met die wete Hy wil jou help en Hy wil jou suksesvol in die lewe laat wees.

Wat beteken dit dan om te sê God is met ons? Ons moet verstaan wat die Jode met hierdie begrip verstaan het. Hulle het verstaan dat as God met jou is word jy suksesvol op elke vlak van jou lewe en elke ding wat jy aanpak sal suksesvol uitdraai. Die Jode het geweet as hulle veg en die Here is by hulle sal hulle wen, as hulle saai en die Here is by hulle dan sal hulle groot oeste inbring. Dink aan Jerigo, dink aan Dawid en Goliat, dink aan Simson en die Filistyne.

As ons dan leer dat God met ons is, is dit nie 'n cliché nie. Dis nie 'n emosionele ervaring nie! Dit is God aan die werk in en deur ons en niks kan meer dieselfde wees nie.

God is by jou, nie om jou te veroordeel en af te skryf en fout te vind met jou nie. Hy is daar om jou lewe te raak deur Sy genade en jou te help, te lei, te ondersteun en te dra! Verwag dit vandag!

#### **Gebed:**

Hemelse Vader, dankie dat U by my is, altyd! Help my asseblief om te onthou dat spartel, wilskrag en self discipline my nie oorwinning sal gee in my versoekinge, maar deur die kragtige werking van U Heilige Gees in en deur my is ek tot alles instaat. Dankie dat ek goeie dinge kan begin verwag vir my en my geliefdes omdat U by my is! Dankie vir hierdie genade.

#### **Oordink:**

Oorwinning kom nie deur my wilskrag, maar deur die krag van die Heilige Gees wat altyd in en deur my wil werk.

***We don't walk in the light by looking for darkness. Don't be sin focused – rather focus on your righteousness in Him***

### DAG 30 - SONDER JESUS KAN ONS NIE VRUG DRA NIE



**Joh 15:5 [NLV]** "Ek is die druiwestok, julle is die lote. Wie aan My verbonde bly en Ek aan hulle, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie."

Een les wat ons vandag moet vasmaak in ons harte: sonder die Here kan ons niks doen nie. As ons nie kan leer om op Jesus te vertrou om vrug te dra nie, gaan ons dit nie maak nie. Die Bybel leer ons in Psalm 127:1 dat as die Here die huis nie bou nie, ter vergeefs werk die wat daaraan bou. As ons wil groei, as ons vrug wil dra moet ons leer om op Hom staat te maak vir elke tree wat ons moet gee.

Wilsrag kan jou 'n ent neem, maar iewers kom die verloor en teleurstellings en steel dit van ons. **Gal 4:4 [NLV]** Julle wat deur God vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, het julle van Christus losgemaak. Julle het God se genade verbeur.

Mense sê maklik dat as jy foute begaan verbeur jy God se genade. Jy verbeur God se genade as jy op jousef staatmaak om geregverdig te word. Dit is net deur die bloed van Jesus alleen. Dit is sterk woorde van waarskuwing. Sonder Hom kan ons niks doen nie. Jy verloor jou posisie van God se onverdiende genade as jy op jousef wil staatmaak om vrug te dra en self wil staatmaak om jou lewe in orde te bring. Jy sny die guns af as jy dit prober doen. Dit is uit en deur genade alleen.

Die Here is 'n Heer (Gentlemen), hy forseer Homself op en in niemand se lewe nie. Jy maak die keuse om te onderwerp aan Hom, om afhanklik te lewe van Hom. Hy staan geduldig vir ons en wag om te leer om op Hom staat te maak vir ons groei en vooruitgang.

Kom ons leer vinnig dat sonder Jesus kan ons nie suksesvol wees nie, en Hy sal Hom nie in jou lewe in forseer nie. Hou op met jou stryd om dinge te wen, besef jy is in Hom en Hy is in jou en Met Hom is jy tot alles instaat. Gaan in Sy rus in en verstaan hoe meer jy op Hom staatmaak, hoe meer wenne sal in jou lewe plaasvind.

#### **Gebed:**

Liewe Here, ek erken vandag dat ek niks is sonder U nie, dat ek nie suksesvol kan wees sonder U in my lewe nie. Ek weet U woon in my, maar vandag bely ek dat ek dit soms vergeet en op my eie kragte wil staatmaak om verandering in my lewe te weeg te bring. Ek kies vandag om op U genade staat te maak. Ek wil U krag en teenwoordigheid in my lewe beleef.

#### **Oordink:**

Ek sal ophou om op eie kragte staat te maak en op die Here begin vertrou om my te verander

***The law makes you ask: "What must I do?" Grace makes you ask: "What has Jesus done and how can I follow?"***

**Fil 4:7 [NLV]** *En God se vrede, wat meer is as wat 'n mens dink, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou omdat julle aan Christus Jesus verbonde is.*

Die pad wat ons hier op aarde loop is vol slaggate, aanvalle en teleurstellings. Vrede is nie die afwesigheid van hierdie dinge in jou lewe nie. Dit is nie die afwesigheid van onruswekkende situasies, uitdagings of dinge wat in jou lewe skeefloop nie. Dit is moontlik om in die midde van die grootste krisis te staan in jou lewe en God se vrede te ervaar. Dit is die vrede wat jy kan verwag omdat Jesus in jou lewe is. Dit maak nie sin dat jy vrede in hierdie situasies beleef nie.

Die wêreld se definisie van vrede is gebasser op vrede, harmonie en rustigheid op grond wat gebeur in die sensoriese realm. Dit wat jy kan waarneem. Vrede vir die wêreldling is om in n hangmat op 'n rustige strand te lê met kos wat aangedra word en alle rekenings is betaal en geen probleem is in sig nie. Dan wanneer realiteit van die lewe inskop is al hulle vrede verlore.

Leer vandag dat jy nie kan toelaat dat uiterlike omstandighede jou vrede bepaal nie. Net Jesus kan aanraak wat jy voel en beleef in jou binneste. Dit is net Hy wat jou storm kan omkeer in vrede, Sy vrede. Met die Here in jou is jy so veilig soos Jesus se dissipels was ten tye van die storm op die see. Dit kan 'n besliste invloed begin inwerk op jou omstandighede om jou en in jou. Dit gee 'n sekerheid aan jou en maak dat jy met die invloed van vrede leef wanneer ander wil beswyk.

Jou verandering in jou lewe kom nie vanweë omstandigheide wat verander nie. Jesus verander jou van binne na buite.

**Gebed:**

Vader, ek erken vandag dat die vrede wat die wêreld kan bied tydelik is. Wys my vandag en in die dae wat sal volg hoe ek kan wandel in U diep, blywende vrede wat alle verstand te bowe gaan. Dankie dat dit myne is deur die bloed van Jesus en dat dit 'n vrede is wat die grootste aanslag nie van my kan wegneem nie.

**Oordink:**

God se innerlike vrede kan my uiterlike omstandighede verander.

***Christians get very angry toward other Christians who sin differently than they do.***

**1 Kor 1:30-31 [NLV]** Dit is deur God alleen dat julle nou aan Christus Jesus behoort. Dit is deur Hom dat Jesus vir ons die wysheid van God geword het, die Een deur wie God ons vrygespreek en vir Homself geheilig en vrygekoop het. Soos die Skrif dit stel: "Die persoon wat graag wil spog, mag net spog oor wat die Here vir hom gedoen het."

Dit is Jesus, Sy wysheid in jou lewe, Sy geregtigheid en Sy perfekte werk aan die kruis wat van jou 'n sukses maak. Wanneer jy dus wil roem in jou sukses, roem in Jesus. As jou lewe suksesvol verloop, roem in Jesus. As jy staan in die storms, roem in Jesus. Met Jesus in jou lewe kan jy nou anders lewe en oorwinning beleef. Jy is nou sterker as wat jy ooit was. Dit word jou deel as jy besef dat jy in jouself swak is en nie instaat is om jouself te red of langtermyn te verbeter nie. Skielik dan word Sy krag 'n werklikheid in jou lewe.

Dis tyd om weer nederig te word. Om weer te besef dat jou afhanklikheid van die Here is. Dat al die selfhelp boeke en seminare van ons soms iemand maak wat vervreem raak van God se guns in ons lewens want as ek my eie pad wil loop staan God eenkant toe. Dalk is jy vandag nie op 'n goeie plek in jou lewe nie. Dalk het jy te onafhanklik van God geraak en jy sien raak dat jy Sy genade en hand in jou lewe misloop.

As Christus in jou lewe is en ons bewus daarvan lewe sal ons nederig bly en afhanklik bly vir elke tree en elke besluit. Ek weet sonder Sy genade is ek niks en kan ek niks doen nie. My eie weë ly soms tot selfvernietiging en die skade wat ek soms al aan myself gedoen het deur onafhanklik van Hom wat in my leef te loop is so onnodig.

As jy jou afhanklikheid van Hom net weer besef, daaglik oefen om in en vanuit hierdie afhanklikheid te lewe sal jy weer opnuut die genade en die guns van God in jou lewe ervaar. God werk nie met trotsaards nie. **1 Pet 5:5 [NLV]** "God is téén dié wat te veel van hulleself dink, maar dié wat besef hoe afhanklik hulle van Hom is, aan hulle gee Hy sy genade."

God dwing nie Sy genade en Sy leiding op ons lewens af nie. Wanneer jy wil kan jy op jou gawes, sterkte en jou wysheid staatmaak. Sy genade werk wel in die se lewens wat erken dat Hy wat in my is, is my bron en my sterkte. As jy dit doen sal jy ervaar dat Hy jou neem deur Sy genade na plekke waar jy nog nie was in jou menswees.

#### **Gebed:**

Vader, ek bely dat ek soms onafhanklik van U beweeg, ek besef dat ek U nodig het op elke terrein van my lewe en kies vandag om te draai van selfkrag en selfhelp na onderwerping aan U wil en u genade. Lei my deur U gees om dit te kan raaksien en verstaan en meer nog daaglik in afhanklikheid van U te lewe. Alles wat ek in elk geval al bereik het is deur U wonderlike genade en ek erken dit en dank U daarvoor.

#### **Oordink:**

Wanneer dit nie ek is maar God wat in en deur my werk is die resultaat volmaak.

***As ons net kry wat ons verdien is ons in die moeilikheid. Genade is soveel groter as saai en maai.  
Danie Lodder***

#### **DAG 33 - DIE GEHEIM IS GEOPENBAAR**

**Kol 1:26-27** "naamlik die verborgenheid (geheim, mystery) wat van die eeue en geslagte al verborge (weggesteek) was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges, aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van

*die heerlijkheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle (within you and among you), die hoop van sy heerlijkheid.”*

Hier is die sleutel tot 'n lewe wat God tevrede stel. Mense dink dat hulle nooit by God se standaard kan uitkom nie, en hulle is reg. Daarom het God Sy geregtigheid op my geplaas en my vrygespreek van my sonde en my Sy kind gemaak. Nou woon Christus in my! Met die bewustheid is ek instaat om te leef soos wat God wil hê ek moet leef.

Jesus het nie gekom om ons in die Hemel te kry nie, Hy het gekom dat ons lewe en oorvloed kan beleef en dit is alleen moontlik as ons vanuit Hom leef en wandel. Hy word my fokus! Hy word dit waarom my lewe draai en ek kan relevant in die wêreld leef met die Here wat in my is en my deur Sy Heilige Gees die krag gee om die pad te loop en te wen. Dit is omdat Hy in my is dat ek hoop het op die wen!

“This mystery has been kept in the dark for a long time, but now it’s out in the open. God wanted everyone to know this rich and glorious secret inside and out, regardless of their background, regardless of their religious standing. The mystery in a nutshell is just this: **CHRIST IS IN YOU**, therefore you can look forward to sharing in God’s glory. It’s that simple. That is the substance of our Message.”

Christus se inwoning gee rigting aan jou godsdiens. **Kol 3:16 [NLV]** *Laat die rykdom van alles wat Christus ons leer, julle leefstyl bepaal. Met alle wysheid moet julle mekaar onderrig en mekaar die regte pad wys. Sing met dankbare harte psalms, lofgesange en geestelike liedere tot eer van God.* Wat leer ons in die reeks? Dat God ons vryspraak gee, dit plaas my in 'n lewende verhouding met God waar Jesus in my woon en my die regte pad help loop. Dit veroorsaak dat ek begin aanbid en sing! Laat die lied van Hom wat in jou woon in jou hart opspring en laat Sy Woord jou leefstyl bepaal.

**Gebede:**

Vader, dankie dat Jesus in my woon en dat dit my leefstyl bepaal. Nie 'n klomp wette en reëls wat weer 'n las op my plaas nie. Eerder 'n bevryding wat so impak op my lewe het dat 'n lied in my hart opspring en ek U wil aanbid!

**Oordink:**

Ek het hoop op die wenne omdat Jesus in my woon.

***Sin does not stop God’s grace from flowing, but God’s grace sure will stop sin.  
Phil Drysdale***

## DAG 34 - OMDAT JESUS IN MY WOON – WOON MY BRON IN MY

**JOH 15:7 [AOV]** *As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.*

Twee sake van belang. Ten eerste is dat die verbinding aan Christus die keuse van jou en my is. Ons moet daaglik kies om aan Hom verbind te bly. Ons moet daarop staatmaak dat dit Hy is wat ons geregtigheid bewerk het en dat dit Hy is deur wie ons lewe. Die [NLV] *As julle aan My verbind bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry.*

Tweedens moet God se woorde in jou bly. Nie jou insig en oorlewering van godsdiens nie, want dit beroof ons van die wonderlike seëninge wat daar is in Jesus. Ons kan nie na God kom met ons eie godsdiens en verwag dat God daarop moet reageer en ons daarvolgens seën nie.

God se voorsiening sal ons deel wees! Hy verbind Hom daartoe om vir ons as Sy geregverdigde kinders te sorg en te dra. Ons glo eerder die leuen van menslike insette as om te glo dat God ons wil seën en wil gee die begeertes van ons harte.

**Efes 1:3 [NLV]** *Deur wat Christus gedoen het, het Hy ons geseën met elke geestelike seëning wat daar in die hemelsfere is.* Die sleutel is geleë in wat Christus gedoen het en nie in jou wettiese nakom van formules wat mense op jou pad gebring het nie. My seën hang beslis nie af van of ek alles regdoen nie, want as mens kan ek nie alles regdoen nie, maar die volmaakte leef nou in my. Ek is Sy tempel en hy stel my instaat om deur my verbondenheid aan Hom deel te hê aan Sy hemelse seëning.

### **Gebed:**

Vader, dankie dat omdat Jesus en Sy woord in my woon ek nou nie as weeskind 'n lewe van swaarkry hoef te leef nie. Ek dank U dat U die bron van alles is! Alles wat ek nodig het na gees, siel en liggaam nou in my woon en dat ek mag vra. Ek vra nou dat U my sal help om elke dag vanuit U seëninge te begin leef. Dankie dat as U my bron is, het ek oorvloed.

### **Oordink:**

Jesus leef in my, ek het alles wat ek nodig het

***One of the deepest temptations is to not trust God.***

***Trevor Hudson***

## DAG 35 - MET JESUS IN MY IS KAN EK WEN

**FIL 4:13 [NLV]** *Ek kan alles doen deur Hom wat my krag gee..*

As Christus in ons woon is ons instaat om te wees wat Hy wil hê ons moet wees. Ek is nie 'n produk van my opvoeding, samelewing of gebeure nie. Ek kan word wie hy wil hê ek moet wees. Ek kan doen wat Hy wil hê ek moet doen. Ek kan weerstand bied teen versoekings soos Hy wil hê ek moet. Ek kan wyse besluite neem in moeilike omstandighede. Ek kan elke aanslag hanteer omdat Hy binne my is. Ek kan geestelik groei omdat ek nie alleen staan nie. Ek kan word soos wat Hy is. Omdat Hy wat die wêreld oorwin het in my woon.

**Rom 8:29 [NLV]** *Want God het hulle reeds vooruit geken, en Hy het hulle aangewys om net soos sy Seun te word.* Dit klink so groot en so onmoontlik. Maar hier is die sleutel, Hy maak jou dit deur Sy genade. As God na jou kyk sien Hy Jesus wat in jou woon, Hy sien volmaaktheid. Hoe bekom ek dit? **Heb 12:2 [KJV]** *Looking unto Jesus the author and finisher of our faith.* Hou jou oë op Hom wat die pad geskryf het en dit klaar vir ons geloop het. Ons neem dit in besit deur te glo dat Jesus se afgehandelde werk dit vir my bewerk het en ek in die oorwinning kan leef en wandel.

Jy is nooit alleen op hierdie Journey nie. Die Here sê: "Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie"  
**MATT 28:20 [NLV]** *... weet vir seker: Ek is vir altyd by julle, tot aan die einde van die wêreldgeskiedenis.* Daar is in jou lewe nie een oomblik wat jy nederlaag hoef te vrees nie. Jesus is die oorwinnaar en hy woon in jou en stel jou instaat om die wenne wat Hy vir jou behaal het, te leef. Al sou die vyand dink dat Hy jou neergevel het, staan jy op en wen omdat jou krag nie uit jouself is nie maar uit Hom wat vir jou gesterf het, sodat jy deur God se onverdiende genade geregverdig kan staan met geen veroordeling ook vir jou swakheid en jou struikel nie. Jy kan wen - jy sal wen as jy fokus plaas op Jesus en nie na die storm en stryd om jou kyk nie.

### **Gebed:**

Vader, dankie dat dieselfde krag wat Jesus uit die dode opgewek het in my woon en dat dit my sterk maak. Dankie dat ek alles kan wen omdat U my bron van krag is. Dankie dat geen aanslag of nederlaag finaal is nie en dat ek in alle omstandighede kan opstaan en in die wen kan begin loop.

### **Oordink:**

Niks kan my oorwin nie

*It is easier to save us from our sins than from our righteousness.  
Charles Spurgeon*

WEEK 6

DAG 36 - GOD SE LIEFDE VIR JOU IS PERSOONLIK!

**1 Pet 5:6-7 [NLV]** *Word daarom klein onder die kragtige hand van God; op sý tyd sal Hy julle groot maak. Gee al julle bekommernisse aan God oor, want Hy gee vir julle om.*

Daar is te veel gelowiges wat hulle eie bekommernisse dra. Dit is omdat ons God as 'n abstrakte vêr God sien. Ons is ook soms te vol van onself en ons opinies oor God. Om Sy persoonlik liefde te kan ervaar moet ons op Hom kan vertrou, ons self klein maak en God Sy regmatige plek in ons lewens kan laat inneem. Dan kan jy jou bekommernisse aan God oorgee as Hemelse Vader wat werklik vir jou lief is. Weet dat as jy God aanroep dat Hy jou Sy aandag wil gee met al die hemelse hulpbronne om ons mee te ondersteun.

God wil by jou alledaagse lewe betrokke wees sodat jy voluit vanuit Sy genade kan lewe. Moenie iets eenkant toe skuif as onbenullig nie, want dan sê jy by implikasie dat God nie vir jou omgee nie.

**Luk 12:7 [NLV]** *Selfs die hare op julle kop is almal getel. Moet dus nie bang wees nie; julle is vir Hom meer werd as 'n hele swerm mossies."*

Jy maak soveel vir Hom saak dat tot jou hare (en vir julle wat nie het nie☺) ook saak maak! Die boodskap is dat God meer vir jou omgee as wat jy kan dink. Niks is te groot of te klein vir die Here om nie belang te stel in jou lewe nie. Sy liefde is intens persoonlik! Hy is en wil by meer as net jou saligheid betrokke wees. Dit is die lewe binne die genadeverbond! Hy wil jou totale lewe raak en Sy guns in jou lewe laat beleef.

**Joh 10:3 [NLV]** *Hy roep sy eie skape op hulle name en lei hulle uit.* Hy ken jou by jou naam, Hy stel intens in jou persoonlik lewe belang en Sy onverdiende genade omvou jou, beskerm jou en lei jou na sukses.

**Gebed:**

Vader dankie dat U my persoonlik lief het, dat U in elke detail van my lewe belangstel en dat U, U genade aan my wil openbaar in elke aspek van my lewe. Ek vra op grond van U genade dat U my vandag sal lei en beskerm en my sal help om klein te bly sodat U groot kan wees in my lewe. Ek gee U al my bekommernisse en weet dat U vir my sal sorg.

**Oordink:**

God gee intens vir my om en Sy liefde vir my is persoonlik en in detail van wie ek is en beleef.

***Jesus didn't die by accident. Love and grace were in the plans long before we messed up the word.***  
***LouieGiglio***

## DAG 37 - WYSHEID OM DIE PAD TE LOOP

**1 KOR 1:30 [NLV]** *Dit is deur God alleen dat julle nou aan Christus Jesus behoort. Dit is deur Hom dat Jesus vir ons die wysheid van God geword het, die Een deur wie God ons vrygespreek en vir Homself geheilig en vrygekoop het.*

Dit is God wat onself met Hom versoen het deur Christus te laat sterf vir ons. Ons kan wys lewe! Ons wandel nie meer in duisternis rond en wonder oor die hoe en wat van die lewe nie. Ons het al die wysheid om vandag suksesvol te kan wees in ons menswees.

Ons kan vanweë die feit dat ons voor God geheilig staan en vrygekoop is, vry van die bande van die verlede leef. Ons kan begin glo dat ons verhouding nou nuut is en dat ons beslis nie meer in die vrug van die ou verhouding hoef te leef en te wandel nie. Dit is 'n totale nuwe lewe! Waar die ou lewenswandel ons besluite en rigting dikteer het kan ons nou die wysheid wat Jesus in ons lewens plaas, besluite neem en rigting bepaal.

**Fil 2:13 [NLV]** *Dis mos God wat die gewilligheid en die vermoë in julle bewerk om te handel volgens wat Hy graag wil hê!*

Hierdie wysheid kom nie net in insig oor die weg wat bewandel moet word nie, jy word ook die vermoë deur die Heilige Gees gegee om dit te doen. Skielik word dit nie meer 'n stryd oor mag ek of mag ek nie, maar eerder 'n bewustheid van wie ek is en waartoe ek instaat is.

'n Pad kan nie geloop word met net wette en reëls nie. As jy daarop fokus gaan jy verseker struikel. In Amerika het hulle 'n motorsport waar die karre teen 'n hoe snelheid om 'n baan jaag – rondom die baan is daar 'n muur. Een van die eerste lesse wat hierdie bestuurders geleer word is, moenie na die muur kyk nie (want jy sal verseker daarin vasjaag). Vertrou op jou vermoë om te kan jaag. Leer vandag die les! Hou op om na reëls te soek van moet's en moenie's. Begin om in geloof die pad te journey wat voor jou lê deur die wysheid wat Jesus in jou hart plaas deur Sy Heilige Gees om altyd te kan weet hoe om reg te kies en in die vryheid te bly wat die Here ten duurste vir ons gekoop het.

### **Gebed:**

Vader, dankie dat U my in Christus geplaas het en Hom in my! Nou kan ek altyd in wysheid wandel en weet om die regte keuses te maak. Daar is geen probleem wat ek nie kan oorkom nie. Daar is geen onsekerheid in my oor wat U wil is in my journey saam met U nie. Dankie dat U my wysheid is om elke dag die regte besluite te maak en reg te kan kies wanneer ek in versoeking en beproewing kom. Ek glo dat dit wat vandag nog dalk onseker in my hart is sal uitwerk soos wat ek op U vertrou om die wysheid te bekom om die regte keuses te maak.

### **Oordink:**

Ek is in Christus en Hy is in my en daarom kan ek in wysheid wandel!

***The best cure for religion is to read the Bible. It will erase a lot of nonsense.***

***Rick Godwin***



## DAG 38 - JY MOET REG KIES

**Psalm 1:1 [NLV]** *Gelukkig is die mens wat nie loop volgens die raad van goddeloses, of staan op die pad van sondaars, of sit in die vergadering van spotters nie.*

Wysheid van God kom vanweë Sy onverdiende genade. Dit is nie iets wat jy kan bekom of voor studeer nie. Dis is beslis nie iets wat jy van die wêreld en vriende kan bekom nie. Jy kan baie selfhelp-boeke vandag bekom, maar die meeste van dit is gebasseer op menslike wysheid en is daarop gerig om die mens se vlees te bou. Ons het nie meer “self help” nodig, maar werklik God se hulp. Begin om boeke eerder te lees wat geskryf is deur Gees Vervulde skrywers as om agter die raad van mense en “celebrities” aan te loop. Dit is hartseer dat mense soms meer van Oprah se sê-goed weet as wat in die Woord van God staan. Mense neem groot besluite oor hulle huwelike, besighede, kinderopvoeding en finansies op grond van wat die “mense” sê, eerder as op grond van die Woord van God.

In ons Journey het ons werklik God nodig! Ons het Sy inspraak in ons lewens nodig! **Psalm 1:2 [NLV]** Hy vind egter vreugde in die geboorte van die Here en oordink sy voorskrifte dag en nag. Ons het nodig om die Woord van God in ons lewens konstant te oordink. Dit gee aan ons die wysheid om die regte keuses en besluite te neem.

Jou lewe sal verander, dit sal sigbaar wees. **Psalm 1:3 [NLV]** *Hy is soos 'n boom geplant langs waterstrome, wat vrugte dra op die regte tyd. Sy blare verwelk nie; in alles wat hy doen, is hy voorspoedig.* Jou lewe verander van staan en val, na 'n lewe van goeie besluite en 'n besliste meer konstante wandel sonder om elke keer te struikel en seer te kry. Dit veroorsaak 'n impak op elke faset van jou lewe en jy beleef vrede en sterkte in jou journey.

Maak die bewuste keuse om nie die raad van goddelose mense te soek en te volg maar om persoonlik self by God te hoor en Sy wil te soek in Sy Woord en dit alleen as voorskrif te gebruik in jou wandel met Hom.

### **Gebed:**

Vader, ek maak vandag die besluit om op te hou om na die raad van die goddelose te luister. Ek wil U wil soek en ervaar. Ek vra na U wysheid en insig en dat U my sal lei. Help my om my oë op Jesus gevestig te hou en afhanklik van die leiding van die Heilige Gees te lewe en te wandel. Dankie dat ek ook op U kan vertrou om Goddelike mense op my pad te stuur wat ook kan help om rigting in my lewe aan te dui. Ek weet dat ek soos 'n boom geplant by die water sal wees en dat vrug in my lewe sigbaar sal wees.

### **Oordink:**

Wanneer ek staatmaak op God vir wysheid sal ek geseënd wees met vrug en sukses in alles wat ek doen.

***When truth liberates you, it's called deliverance. When it reshapes your mind and becomes your way of life, it's called transformation***  
***Rick Godwin***

## DAG 39 - DIT IS GESKRYF OP JOU HART

**Fil 2:13 [NLV]** *Dis mos God wat die gewilligheid en die vermoë in julle bewerk om te handel volgens wat Hy graag wil hê!*

God maak dit vir ons moontlik om die pad te loop wat Hy wil hê ons moet loop. Ons hoef nie na profete te hardloop om uit te vind wat God se wil vir ons lewens is nie. God praat in ons harte. Dit is hoe ons liefdevolle Vader ons wil lei en help om die regte pad te loop. Hy skryf sy voorskrifte in ons harte en in ons gedagtes. Om Sy stem te hoor oor rigting en ja en nee is maklik deur die werking van die Heilige Gees in jou hart.

As jy Sy stem hoor oefen om dadelik te reageer. Jy sal vrug daarop ontwikkel en beleef hoe maklik dit is en hoe direk Sy leiding is. As jy in jou hart die oortuiging het om goed te doen, wees gehoorsaam. As jy mense moet seën finansiëel, doen dit! Soms vrees ons omdat ons bang is vir mense se reaksie. Wees jy net gehoorsaam en doen wat die Here op jou hart lê en laat die res aan Hom oor.

In die eerste plek is dit God wat jou gewillig maak. Die klop aan jou hart om te doen, die wil om op te tree, nee vir versoeking te sê en die regte besluite te maak. Dan kom God en gee jou die vermoë en die krag om dit deur te voer. Sy Heilige Gees maak jou sterk om dinge aan te pak en te wen op terreine waar jy nie voorheen suksesvol was nie.

Jy het 'n nuwe hart met nuwe insig en dit help jou op jou journey dat jy nie weer afdwaal na die ou weë nie.

### **Gebed:**

Vader dankie dat U, U wil eenvoudig in my hart skryf. Dat ek dit maklik kan volg omdat U gees my daartoe in staat stel. Ek hoef nie te vrees nie, want U hou my vas en help my om nie te struikel nie. Ek kan met vertroue die pad stap. Wek die begeertes in my hart om U wil te doen, goed aan ander te doen en sodoende lewens met U genade te raak. Dankie dat U my lei vandag.

### **Oordink:**

Jy kan net vra dat God Sy wil in jou hart sal wakker maak.

*I can not be full of the Holy Spirit while full of myself.*

*Rick Warren*

## DAG 40 - OEFEN OM VANUIT SY TEENWOORDIGHEID OP TE TREE

**Hand 17:27b-28a [NLV]** *Nie dat Hy ver van enigeen van ons af is nie. Dis tog juis deur Hóm dat ons leef, beweeg en bestaan.*

Ons leef soms asof die Here vêr en 'n abstrakte begrip is. Een wat net by groot krisisse en nood moontlik sal betrokke raak as ons reg bid, sekere formules nakom en reg leef. Met ander woorde as ons dit verdien. Ons hele bestaan is in en deur Christus.

Ons moet oefen om vanuit 'n bewustheid van Sy teenwoordigheid te begin leef. Hy is nie ver van enige een van ons. Party soek Hom op plekke, kerke en formules terwyl die here deur Sy Gees in ons woon. Ons moet leer journey vanuit hierdie bewustheid. Christus woon in my en daarom kan ek wen, daarom is ek geseen met wysheid op elke terrein van my handel en wandel hier op aarde. Leer om afhanklik van Sy krag en leiding te beweeg, jou lewensbetaan uit te leef en sterk te loop deur Sy krag.

Nou moet ons oefen om op te tree vanuit hierdie werklike teenwoordigheid. Paul Yonggi Cho het 'n boek geskryf, "Good morning Holy Spirit". Leer om dit elke dag en daaglik te doen. Nooi die Heilige Gees in jou alledaagse lewe in en sien hoe dat jou resultate begin verander binne jou storms, stryd, versoekings, verhoudings en besluitnemings. Jy sal soos Dawid kan uitroep: "Al gaan ek deur 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my".

Maak jouself bewus van hierdie werklikheid totdat jy geoefen is om vanuit Sy teenwoordigheid op te tree.

### **Gebed:**

Hemelse Vader van Liefde en genade ek dank U dat ek 'n tempel is van U Heilige Gees. Dat U gekies het om my U woonplek te maak. Dankie dat ek nie alleen en op myself aangewese hier op aarde in my alledaagse lewe en my storms om self besluite te maak, self my volgende tree te bepaal en self my bestaan uit te klaar nie. Dankie dat ek op U kan staatmaak om my journey saam met my te loop en dat U nie een oomblik ver van my af is nie. Help my om deur U Gees op te tree en agter te kom dat dit bevrydend in my alledaagse wandel meewerk.

### **Oordink:**

Ek is nie op myself aangewese vir my bestaan, ek kan leef deur die krag van die Heilige Gees hier en nou.

*The less I think about not sinning, and the more I think about just loving God, the less I sin.*

*John Wimber*

## DAG 41 - BELEEF GOD SE GUNS EN TEENWOORDIGHEID ONGEAG VAN JOU OMSTANDIGHED

**Psalm 139:7-10 [NLV]** *Waarheen sou ek kon gaan om u Gees te ontwyk? Of waarheen sou ek kon uitwyk om u teenwoordigheid te ontvlug? 8 Gaan ek op na die hemel toe, is U daar; gaan lê ek in die doderyk, dan is U ook daar! 9 Vlieg ek met die daeraad na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste, 10 selfs daar sal u hand my lei, en u regterhand my ondersteun.*

Heb 13:5 se belofte is dat God se teenwoordigheid altyd met ons op 'n konstante basis sal wees. God se guns en teenwoordigheid is nie gebasseer op ons uiterlike omstandighede nie. Ons lewe te bewus van omstandighede en te onbewus van God se teenwoordigheid in ons lewens. Weet jy vandag dat die Here jou nooit alleen sal los nie? Weet jy vandag dat al gaan jy deur watter omstandighede sal jy altyd kan seker weet dat die Here by jou is.

As jy kan leer om vanuit God se teenwoordigheid in jou lewe te leef en altyd die seker wete in jou hart te hou dat jy nie alleen is nie, gaan jou daaglikse wandel met die Here net soveel sterker wees. Jy gaan minder jouself blootstel aan situasies waar jy skade aan jou verhouding kan doen omdat jy weet dat waar jy ook al is en waarmee jy ookal besig is, sal die Here by jou wees en gereed wees om jou te help, beskerm en te lei. Moenie net as die storms kom die handoek ingooi en sê ek is oorwin nie en God is nie by my nie. Dawid roep dit uit in Psalm 23 "Wanneer ek loop in 'n baie donker kloof, sal ek nie bang wees nie, want U is naby my. U stok en u staf beskerm en ondersteun my."

Dis die wete dat ek nooit alleen is wat my nie net help om die storms van die lewe tromp-op te loop nie, maar ook om die krag uit God se teenwoordigheid te put om vas te hou en aan te hou en te wen! In plaas van om bitter te word, hou jou vertrouwe in die Here. Jou suksesse en wenne is verpak in God se teenwoordigheid in jou lewe en ons moet oefen om bewustelik vanuit hierdie teenwoordigheid te journey. As jy kan oefen om nie te buig voor jou omstandighede nie en bewus te lewe in die teenwoordigheid van die Here sal jy die wenne begin beleef. Wat jy doen vanuit hierdie teenwoordigheid sal voorspoedig wees.

### **Gebed:**

Vader, help my om gedurig bewus te wees van U teenwoordigheid, ongeag van waar in en waar ek myself bevind. Help my asseblief om altyd te onthou dat U by my is en my nooit alleen los nie. Dankie dat as gevolg van U guns in my lewe ek suksesvol in hierdie dag sal wees!

### **Oordink:**

God se teenwoordigheid in my lewe sal my help om suksesvol te lewe ongeag van die posisie of die plek waar ek myself bevind.

***"Then do we do nothing and work nothing in order to obtain this righteousness? I reply: "Nothing at all!"***

***Martin Luther***

## DAG 42 - JY KAN NET AANHOU EN AANHOU LOOP

**Spreuke 24:16 [NLV]** *Selvs al val 'n regverdige mens sewe keer, hy sal elke keer weer opstaan. Die goddelose mens sal bly lê na net een ramp.*

As jy leer om vanuit God se teenwoordigheid in jou lewe te wandel, sal jy Sy genade beleef wat jou help om suksesvol te wees in elke tree, selfs nadat jy gestruikel het. Jy word soos 'n rubberbal in water. Niks kan jou onder hou nie. Die genade van God sal jou altyd laat opskiet.

Moet nooit gaan lê as jy struikel of weer 'n fout begaan het nie. Staan op en hou aan loop! Jou grootste vertrekpunt na oorwinnings kan juis die laagtepunt van jou lewe wees. Moenie toelaat dat jou struikeling jou definisie word van wie jy is nie. Moenie opgee nie! Dis nooit oor en verby met 'n kind van God nie.

Daar bestaan nie 'n terme in 'n kind van God se lewe van "terugval" nie. Ons kan dalk struikel maar ons staan op en hou aan loop. Die Here se genade is genoeg om ons nooit te verlaat en alleen in die oomblik van struikeling te los nie. Hy laat vaar nie die werke van Sy hande nie en sal jou ophelp deur Sy wonderlike onverdiende GENADE en sal jou as geregverdigde nie veroordeel oor die feit dat jy gestruikel het nie.

### **Gebed:**

Vader, dankie dat dit nooit oor en verby is in my lewe nie. Ek mag dalk 'n laagtepunt beleef op hierdie oomblik, maar omdat U in my woon en altyd by my is sal ek deur U genade altyd guns en voorspoed beleef! U tel my op vanuit die put en plaas my op hoë grond. Elke struikeling se opstaan en aangaan maak my net sterker in my verhouding met U. Dankie dat ek weet ek is nooit alleen nie.

### **Oordink:**

Dieselfde God wat Jesus uit die dood opgewek het, is by my nou! Ek gaan net beter af wees na elke opstaan omdat ek groei in my geloof.

*If we miss this fundamental point that God is the source of holiness then we will attempt to make holiness the way to God.*  
*John Wimber*